

An Exposition of the Seven Church Ages

Chapter Five

Die Pérgameense Kerktydperk

Openbaring 2:12-17

En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:

Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in my nie verloen nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, om afgodsoffers te eet en te hoereer.

So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiëte, wat Ek haat.

Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan Hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

Pergamus

Pergamum (antieke naam) was geleë in Mysia, in 'n distrik gewater deur drie strome, deur middel van een kon jy handeldryf ter see. Dit was beskryf as die mees roemryke stad in Asië. Dit was 'n stad van kultuur met die grootste biblioteek naas dié in Alexandrië. Tog was dit 'n stad van groot sonde, wat oorgegee is aan losbandige aanbidding van Aesculapius, wat hulle aanbid het in die vorm van 'n lewende slang wat gehuisves en gevoer is in die tempel. In hierdie pragtige stad met besproeide lanings, openbare wandelpaaië en parke het 'n klein groepie van toegewyde gelowiges gelewe wat nie mislei is deur die fasade van skoonheid nie, en het die Satanistiese aanbidding wat die plek gevul het verafsku.

Die Eeu

Die Pérgamese Eeu het omtrent driehonderd jaar geduur, van 312 tot 606 n.C.

Die BoodsAPPER

Deur ons Godgegewe reël te gebruik om die boodskapper vir elke eeu te kies, dit is, ons kies die een wie se bediening die naaste is aan die eerste boodskapper, Paulus, sonder om te aarsel verklaar ons die Pérgamese boodskapper om Martin te wees. Martin is in 315 in Hongarye gebore. Hoewel, sy werk was in Frankryk waar hy gewerk het in en rondom Tours as 'n biskop. Hy het in 399 gesterf. Hierdie groot heilige was die oom van 'n ander wonderlike Christen, Heilig verklaarde Patrick van Ierland.

Martin het 'n bekeerling van Christus geword terwyl hy 'n loopbaan gevolg het as 'n professionele soldaat. Dit was terwyl hy steeds besig was in hierdie beroep wat 'n mees ongelooflike wonderwerk plaasgevind het. Dit is neergeskryf dat 'n bedelaar siek gelê het in die strate van die stad waar Martin heen gestuur is. Die winterkoue was meer as wat hy kon verduur omdat hy min klere aangehad het. Niemand het enige aandag aan sy behoeftes gegee totdat Martin daar verbygegaan het nie. Omdat hy hierdie arme man se toestand gesien het, en omdat hy nie 'n ekstra kledingstuk gehad het nie, het hy sy jas uitgetrek, dit in twee gesny met sy swaard, en die doek om die yskoue man gedraai. Hy het omgesien na hom die beste wat hy kon en op sy pad verder gegaan. Daardie nag het die Here Jesus aan hom verskyn in 'n visioen. Daar het Hy gestaan, soos 'n bedelaar, toegedraai in die helfte van Martin se kleed. Hy met met hom gepraat en gesê: "Martin, al is hy net 'n lidmaat het hy My met hierdie kleed geklee." Van daardie tyd af het Martin die Here gedien met sy hele hart. Sy lewe het 'n reeks wonderwerke geword wat die krag van God gemanifesteer het.

Nadat hy die leërmag verlaat het en 'n leier in die kerk geword het, het hy 'n baie militaristiese standpunt ingeneem teen afgodery. Hy het die bosse afgesny, die beelde gebreek en die altaars afgebreek. Toe hy deur die heidene vir sy dade gekonfronteer was, het hy hulle op baie dieselfde manier uitgedaag as wat Elía met die profete van Baäl gedoen het. Hy het die voorstel gemaak om aan 'n boom se onderkant vasgemaak te word sodat as dit afgesny word sou dit hom vergruis tensy God die boom

omdraai terwyl dit val. Die geslepe heiden het hom vasgebind aan 'n boom wat aan die kant van 'n heuwel gegroei het, verseker dat die natuurlike trek van swaartekrag die boom so sou laat val en hom vergruis. Net toe die boom begin val, het God dit laat omswaai en opwaarts laat val teenstrydig met alle natuurlike wette. Die heiden is vergruis toe hy weggehardloop het en die boom het op verskeie van hulle geval.

Geskiedkundiges erken dat hy op ten minste drie geleenthede dooies lewend gemaak het in Jesus se Naam. In een geval het hy vir 'n dooie baba gebid. Soos Elisa, het hy homself op die baba uitgestrek en gebid. Dit het tot lewe en gesondheid teruggekeer. Op 'n ander geleentheid was hy geroep om 'n broer te help wat weggedra was na sy dood in 'n tyd van groot vervolging. Teen die tyd dat hy gearriveer het was die jongman alreeds dood. Hulle het hom aan 'n boom gehang. Sy liggaam was leweloos en sy oë het uitgepeul uit die oogkaste. Maar Martin het hom afgehaal, en toe hy gebid het was die man teruggebring tot die lewe en aan sy verheugde familie gegee.

Martin het nooit die vyand gevrees nie ongeag van wie dit was. So het hy persoonlik gegaan na 'n bose keiser wat verantwoordelik was vir die dood van baie Gees-ervulde heiliges. Die keiser wou hom nie sien nie, toe het Martin 'n vriend van die keiser gaan sien, een Damascus, 'n wrede biskop van Rome. Maar die biskop, synde 'n nominale Christen van die vals wynstok wou nie intree nie. Martin het teruggegaan na die paleis, maar teen die tyd was die poorte gesluit en hulle wou hom nie toelaat om in te gaan. Hy het op sy gesig gelê voor die Here en gebid dat hy in staat sou wees om in die paleis te gaan. Hy het 'n stem gehoor wat hom geroep het om op te staan. Toe hy so gemaak het, het hy die poorte sien oopgaan op hulle eie. Hy het in die binneplaas ingestap. Maar die arrogante heerser wou nie sy kop draai en met hom praat nie. Martin het weer gebid. Skielik het 'n vuur op die sitplek van die troon spontaan verskyn en die ongelukkige keiser het vinnig opgespring. Sekerlik die Here verneder die trotse en verhoog die laagste.

So was sy ywer om die Here te dien dat die duivel magtig aangespoor was. Die vyande van die waarheid het sluipmoordenaars gehuur om Martin dood te maak. Hulle het heimlik na sy huis gegaan en soos hulle reggemaak het om hom dood te maak, het hy regop gestaan en sy keel by die swaard gehou. Toe hulle vorentoe gespring het, het die krag van God hulle teruggegooi in die kamer. Hulle was so oormeester in daardie heilige en verskriklike atmosfeer dat hulle op hulle hande en knieë gekruip het en om vergifnis gesoebat het vir die aanslag op sy lewe.

Te dikwels wanneer mans geredelik deur die Here gebruik word word hulle opgelig met trots. Maar nie so met Martin nie. Hy het altyd die nederige dienaar van God gebly. Een aand toe hy homself voorberei het om die preekstoel in te neem, het 'n bedelaar na sy studeerkamer gekom en vir klere gevra. Martin het die bedelaar na sy hoof diaken verwys. Die hoogmoedige diaken het hom beveel om weg te gaan. Daarop het hy teruggegaan om Martin te sien. Martin het opgestaan en die bedelaar sy eie kleed gegee, en het die diaken gevra om vir hom 'n ander kleed te bring wat van swakker gehalte was. Daardie nag terwyl Martin die Woord gepreek het, het die kudde van God 'n sagte wit glans van lig gesien om sy persoon.

Sekerlik was die 'n groot man, 'n ware boodskapper aan daardie eeu. Nooit enigiets begeer behalwe om God te behaag nie en hy het 'n vurige toegewyde lewe gelei. Nooit kon hy beweeg word om te preek voordat hy eers gebid het nie en in so geestelike vorm was om te weet en om die volle raad van God deur die Heilige Gees gestuur uit die Hemel te lewer nie. Baiekeer sou hy die mense laat wag terwyl hy gebid het vir volle versekering.

Net om van Martin te weet en sy magtige bediening mag een laat dink dat die vervolging van die heiliges verminder het. Nie so nie. Hulle was steeds vernietig deur die duivel deur die bemiddeling van die bose. Hulle is verbrand op die brandstapel. Hulle was vasgespyker aan stompe gesig na onder en wilde honde is losgelaat op hulle, sodat die honde die vlees en ingewande sou skeur, en die slagoffers laat sterf in verskriklike marteling. Babas was geskeur van verwagte moeders en na die varke gegooi. Vrouens se borste was afgesny, en hulle was gedwing om regop te staan terwyl elke hartklop die bloed uitgespuit het en hulle vervrommel het in dood. En die tragedie wat selfs groter was om aan te dink is wanneer jy besef dat dit nie net die werk van die heidene was nie, maar baiekeer is dit veroorsaak deur sogenaamde Christene wat gevoel het dat hulle God 'n guns doen deur die lojale soldate van die kruis wat gestaan het vir die Woord en gehoorsaamheid tot die Heilige Gees uit te roei.

Johannes 16:2,

Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.

Mattheus 24:9,

Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van my Naam.

Deur tekens en wonders, deur die krag van die Gees, Martin was waarlik bevestig as die boodskapper tot daardie eeu. Maar nie net was hy begaafd met 'n groot bediening nie, hy homself was ewig getrou aan die Woord van God. Hy het organisasie beveg. Hy het sonde in hoë plekke weerstaan. Hy het die waarheid in woord en daad oorwin en het 'n vol lewe gelei van Christelike oorwinning.

'n Lewensbeskrywer het oor hom geskryf soos volg. "Niemand het hom ooit kwaad gesien, of omgekrap, of bedroef, of lag nie. Hy was altyd een en dieselfde, en het gelyk soos iets meer as menslik, sy gelaat het 'n soort hemelse blydschap gehad. Nooit was enigiets op sy lippe behalwe Christus nie, nooit enigiets in sy hart behalwe vroomheid nie, vrede en deernis. Dikwels het hy geween vir die sondes selfs van diegene wie hom belaster het, wie toe hy stil en afwesig was hom aangeval het met giftige lippe en giftige tonge. Baie het hom gehaat vir krag wat hulleself nie gehad het nie en nie kon dupliseer nie; en helaas! sy grootste aanvallers was biskoppe."

Die Saluut

Openbaring 2:12b

Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het.

Die boodskap aan die derde kerkeeu is besig om na vore te kom. Die derde toneel van hierdie ontvouende drama van "Christus in die middel van Sy kerk" is besig om geopenbaar te word. Met trompet-agtige stem, die Gees stel die Weergalose Een voor "Hy Wat die skerp swaard met die twee kante het!" Hoe groot is die verskil van hierdie bekendstelling van die tyd toe Pilatus die Lam van God bekend gestel het, gekleed met uitkoggelende mantel van pers, geslaan en doringkroon, gesê: "Aanskou julle Koning!" Nou, koninklike mantel en met heerlikheid bekroon staan die opgewekte Here, 'Christus, die krag van God.'

In hierdie woorde: 'Hy Wat die skerp swaard met twee kante het lê 'n ander openbaring van Godheid. In die Efésiese Eeu, sal julle onthou, was Hy voorgestel as die Onveranderde God. In die Smirna Eeu het ons Hom gesien as die EEN WARE God en benewens Hom was daar geen ander nie. Nou in hierdie Pérgamese Eeu is daar 'n verdere openbaring van Sy Godheid, uiteengesit deur Sy assosiasie met die skerp twee snydende swaard, wat die Woord van God is.

Hebreërs 4:12

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Efésiërs 6:17

En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

Openbaring 19:13 & 15a,

En Hy was bekleed met 'n kled wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is Die Woord van God. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard.

Johannes 1:1-3,

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

I Johannes 5:7,

Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is EEN.

Nou ons kan sien Sy assosiasie met die Woord. HY IS DIE WOORD. Dit is Wie Hy is. DIE WOORD IN SY NAAM.

In Johannes 1:1 waar dit sê: *In die begin was die Woord*, die oorsprong van waar ons die vertaling van kry vir 'Woord' is 'Logos' wat beteken 'die gedagte of konsep.' Dit het die dubbele betekenis van 'gedagte,' en 'spraak.' Nou 'n 'gedagte uitgedruk' is 'n 'woord,' of 'woorde.' Is dit nie wonderlik en pragtig nie? Johannes sê die konsep van God was uitgedruk in Jesus.

En Paulus sê die einste ding in Hebreërs 1:1-3,

Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gesprek het tot die vaders deur

die profete,

het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (Logos) wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.

Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid, en die afdrukkel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,

God was uitgedruk in die persoon van Jesus Christus. Jesus was die Uitgedrukte Beeld van God.

Weer in Johannes 1:14,

En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon.

Die einste stof van God het vlees geword en onder ons gewoon. Die groot Gees-God Wie geen mens kon benader nie, Wat niemand gesien het of na kon kyk in vlees nie het nou gewoon in vlees en het onder die mense beweeg, en het die volheid van God uitgedruk aan mense.

Johannes 1:18,

Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

God, Wat met geleentheid Sy teenwoordigheid sou manifesteer deur die wolk of die pilaar van vuur wat vrees in die harte van die mens gesit het; hierdie God, Wie se hart karakertrekke slegs met die openbaring van woorde deur die profete bekend gemaak is, het Emmanuel geword (God met ons) en het Homself verklaar. Die woord, 'verklaar,' word van die Griekse wortelwoord afgelei wat ons dikwels interpreteer as eksegeese, wat beteken deeglik verduidelik of dit duidelik maak. Dit is wat die Lewende WOORD, Jesus, gedoen het. Hy het God na ons gebring, want Hy was God.

Hy het God aan ons geopenbaar met sulke volmaakte duidelikheid dat Johannes kon sê van Hom in I Johannes 1:1-3

Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, (Logos beteken spraak) wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die Lewe—

(en die Lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—)

wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

Toe God waarlik geopenbaar was, was Hy gemanifesteer in die vlees. *Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.*

Nou terug in Hebreërs 1:1-3 het ons 'n nota gemaak dat Jesus die uitdrukking van God was. Hy was God wat Homself uitgedruk het in mens tot mens. Maar daar is iets anders om op te let in hierdie verse, veral verse een en twee.

Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.

Ek wil hê julle moet hier oplet in die kantlyn van julle Bybel sal julle 'n korreksie sien. Die woord, 'deur' is nie 'n regte vertaling nie. Dit behoort te wees, 'IN.' Nie 'deur' nie. Dit lees dan reg: God het baiekeer en op baie maniere gespreek in die ou tyd tot die vaders IN die profete, deur die Woord.

I Samuel 3:21b,

want dié Here het hom geopenbaar aan Samuel in Silo deur die woord van die Here.

Dit bring I Johannes 5: 7 perfek uit: "Die Gees en Woord is EEN." Jesus het die Vader geopenbaar. Die Woord het die Vader geopenbaar. Jesus was die Lewende Woord. Prys God, vandag is Hy steeds daardie Lewende Woord.

Toe Jesus op aarde was het Hy gesê,

Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. (Johannes 14:10)

Hier is dit duidelik uiteengesit dat die volmaakte manifestasie van God in die Seun deur die inwonende Gees was wat in Woord en werke gemanifesteer is. Dit is presies wat ons die heelyd geleer het. Wanneer die bruid sal terugkeer om 'n Woord bruid te wees, sal sy die einste werke voortbring wat Jesus voortgebring het. Die Woord is God. Die Gees is God. Hulle is almal EEN. Een kan nie apart van die ander werk nie. As een waarlik die Gees van God het, sal hy die Woord van God hê. Dit is hoe dit met die profete was. Hulle het die inwonende Gees van God gehad en die Woord het na hulle gekom. Dit is hoe dit was met Jesus. In Hom was die Gees sonder maat en die Woord het na Hom gekom. (Jesus het beide begin doen en ONDERRIG. My leer is nie My eie nie, maar die Vader s'n Wat My gestuur het. Handeling 1:1, Johannes 7:16.)

Onthou nou, Johannes die Doper was beide die profeet en die boodskapper van sy dag. Hy was gevul met die Heilige Gees van sy moeder se skoot af. Toe hy gedoop het in die Jordaan het die Woord van God (Jesus) na hom gekom. Die Woord kom altyd na die waarlik Gees-ervulde. Dit is die bewys van om gevul te wees met die Heilige Gees. Dit is wat Jesus gesê het die bewys sou wees. Hy het gesê: "En Ek sal die Vader bid en Hy sal vir julle 'n ander Verstrooster stuur dat Hy in julle mag bly, vir ewig. Selfs die Gees van waarheid, Wie die wêreld nie kan ontvang nie." Nou weet ons wat Waarheid is.

U Woord is Waarheid. (Johannes 17:17b)

Weer in Johannes 8:43,

Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.

Het julle opgelet dat Jesus gesê het dat die wêreld nie die Heilige Gees kon ontvang nie? Wel, in hierdie vers wat ek nou net gelees het, nog kon hulle die Woord ontvang. Hoekom? Omdat die Gees en die Woord een is, en as jy die Heilige Gees het soos die profete, sal die Woord na jou toe kom. Jy sal dit ontvang.

In Johannes 14:26,

maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Hier vind ons weer die Woord wat kom as gevolg van die Gees van God.

Weer in Johannes 16:13

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, (Woord) sal Hy julle in die hele waarheid lei; (U Woord is waarheid) want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, (Woord van God) sal Hy spreek (Woord) en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Gee wat die Woord Profeteer).

Ek wil hê julle moet baie mooi oplet dat Jesus nie gesê het dat die bewys van die doop met die Heilige Gees was deur in tale te praat, interpreteer, profeteer, of uitroep en dans nie. Hy het gesê die bewys sou wees dat jy in die WAARHEID sou wees; jy sou in die Woord van God vir jou eeu wees. Bewys het te doen met die ontvangs van die Woord.

I Korinthiërs 14:37,

As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelik mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is.

Nou kyk na dit. Die bewys van die inwonende Gees was om te erken en VOLG wat God se profeet gegee het vir sy eeu soos hy die kerk in orde gesit het. Paulus moes sê aan diegene wat op 'n ander openbaring aanspraak gemaak het, (vers 36)

Of het die Woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?

Die bewys van 'n Gees-ervulde Christen gelowige is nie om die waarheid te produseer nie (Woord), maar om die waarheid te ontvang (Woord), en om dit te glo en dit te gehoorsaam.

Het julle opgelet in Openbaring 22:17

En die Gees en die bruid sê, Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!

Sien, die bruid spreek dieselfde Woord as wat die Gees doen. Sy is 'n Woord bruid wat bewys sy het die Gees. In elke kerkeu hoor ons hierdie woorde,

Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Die Gees gee die Woord. As jy die Gees het sal jy die Woord vir jou tydperk hoor, soos daardie ware Christene die Woord vir hulle eeu geneem het.

Het julle daardie laaste gedagte gekry? Ek herhaal, elke kerkeeu eindig met dieselfde teregwyding. "Hy wat 'n oor het, laat hom ('n individu) hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Die Gees gee die Woord. Hy het die waarheid vir elke tydperk. Elke eeu het sy eie uitverkorenes gehad, en daardie uitverkore groep het altyd die 'woord gehoor,' en dit ontvang, wat bewys dat hulle die Saad in hulle gehad het.

Johannes 8:47,

Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie.

Hulle het die Woord geweier (Jesus) en Sy Woorde vir hulle dae, maar die ware saad het die Woord ontvang omdat hulle van God was.

En al jou kinders sal deur die Here geleer wees, (Heilige Gees)

Jesaja 54:13.

Jesus het dieselfde ding in Johannes 6:45 gesê. As jy EEN IS MET DIE WOORD bewys of jy van God en Gees-gevol is. Geen ander maatstaf nie.

Maar wat is tale en interpretasie en die ander gawes? Hulle is manifestasies. Dit is wat die Woord leer.

Lees dit in I Korinthiërs 12:7,

Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.

Dan noem Paulus daardie manifestasies.

Nou kom die baie goeie vraag wat ek weet julle almal angstig is om te vra. Hoekom is die manifestasie nie 'n bewys van die doop met die Heilige Gees nie, want sekerlik jy kan nie die Heilige Gees manifesteer tensy jy waarlik Gees-ervul is nie? Nou ek wens ek kon sê dit is reg, want ek hou nie daarvan om mense seer te maak of om op hulle doktriene te loop nie; maar ek sal nie 'n ware diensknege van God wees as ek julle nie die hele raad van God vertel nie. Dit is reg, is dit nie?

Laat ons net 'n bietjie kyk na Bileam. Hy was godsdienstig, hy het God aanbid. Hy het die regte manier geken van opoffering en benadering tot God, maar hy was nie 'n Ware Saad profeet nie omdat hy die verdienste van ongeregtheid gevat het, en die ergste van als hy het die mense van God gelei in sonde van hoerery en afgodery. Tog wie sou waag om te ontken dat die Gees van God deur hom gemanifesteer is in een van die mooiste dele van absolute akkurate profesie wat die wêreld ooit gesien het? Maar hy het nooit die Heilige Gees gehad nie.

Nou dan, wat dink julle van Kajafas, die hoëpriester? Die Bybel sê dat hy geprofeteer het die soort dood wat die Here sou hê. Ons almal weet daar is geen rekord dat hy 'n Gees-ervulde en Gees-geleide mens is soos lieue ou Simeon of daardie dierbare heilige genaamd Anna nie. Tog het hy 'n egte manifestasie van die Heilige Gees gehad. Ons kan dit nie ontken nie. So waar is manifestasie as 'n bewys? Dit is nie daar nie. As jy waarlik gevul is met die Gees van God sal jy die bewys van die WOORD in jou lewe hê.

Laat ons jou wys hoe diep ek voel en hierdie waarheid verstaan deur 'n openbaring wat God my gegee het. Nou voor ek dit vertel, wil ek dit sê. Baie van julle mense glo dat ek 'n profeet is. Ek sê nie dat ek is nie. Julle het dit gesê. Maar ons albei weet dat die visioene wat God my gee FAAL NOOIT NIE. NIE EENMAAL NIE. As iemand kan bewys dat 'n visioen ooit gefaal het dan wil ek weet daarvan. Noudat julle my volg tot nou hier is my storie.

Baie jare gelede toe ek die eerste keer by die Pinkstermense gekom het, ek was in een van hulle kamp byeenkomste en daar was baie manifestasies van tale, uitleg van tale, en profesieë. Twee predikers spesifiek was besig met hierdie soort van praat meer as enigeen van die ander broers. Ek het die dienste deeglik geniet en was waarlik geïnteresseerd in die verskillende manifestasies, want hulle het 'n klank van werklikheid gehad. Dit was my diepste begeerte om alles te leer wat ek kon oor hierdie gawes, so ek het besluit om met die twee mans te praat oor dit. Deur die gawe van God wat in my is, het ek die gees in die eerste man gesoek, of hy waarlik van God was of nie. Na 'n kort gesprek met daardie goeie, nederige broer, het ek geweet hy was 'n egte, soliede Christen. Hy was werklik. Die volgende jong man was glad nie soos die eerste een nie. Hy was grootpraterig en trots, en soos ek met hom gepraat het, het 'n visioen oor my oë beweeg en ek het gesien dat hy getroud is met 'n blonde dame maar hy het gebly by 'n brunette en het twee kinders by haar gehad. As daar ooit 'n huigelaar was, was hy een.

Nou laat ek julle sê, ek was geskok. Hoe kon ek nie wees nie? Hier was twee manne, een wie 'n ware

gelowige was en die ander was 'n sondige nabootser. TOG ALBEI HET DIE GAWES VAN DIE GEES GEMANIFESTEER. Ek was ontsteld deur hierdie verwarring. Ek het die diens verlaat om God te soek vir die antwoord. Ek het alleen na 'n geheime plek gegaan en daar met my Bybel gebid en gewag op God vir die antwoord. Sonder om te weet in watter deel van Skrif om te lees het ek die Bybel oopgemaak na 'n plek in Matthéüs. Ek het vir 'n rukkie gelees en die Bybel neergelê. In 'n oomblik het 'n wind gewaai in die kamer en die bladsye van die Bybel het na Hebreërs gegaan, hoofstuk ses. Ek het dit deurgelees en was besonder beïndruk deur daardie vreemde verse,

Hebreërs 6:4-9,

Want dit is onmoontlik om dié wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,

en die goeie Woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

en afvallig geword het—om die weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God.

Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.

Maar geliefdes, ons is aangaande julle van beter dinge oortuig, dinge wat saamhang met die saligheid, al spreek ons ook so.

Ek het die Bybel toegemaak, dit neergelê, en 'n ruk gemediteer en weer gebid. Ek het steeds geen antwoord gehad nie. Ek die Bybel weer sommer oopgemaak maar het nie gelees nie. Skielik het die wind weer in die kamer ingewaai, en weereens het die bladsye na Hebreërs 6 gewaai en daar gebly terwyl die wind stilgeword het. Ek het daardie woorde weer oorgelees, en soos ek het, het die Gees van God in die kamer ingekom en ek het 'n visioen gesien. Ek het in die visioen 'n man gesien geklee in die witste wit wat uitgegaan het in 'n vars geploegde land en het graan gesaai. Dit was 'n helder dag, en die saaiery was in die oggend gedoen. Maar laat in die nag nadat die saaiër in wit weggegaan het, het 'n man in swart heimlik saad gesaai tussen dit wat die man in wit gesaai het. Die dae het verbygegaan—die son en reën het die grond geseën; en eendag het die graan verskyn. Hoe goed was dit. Maar 'n dag later het die onkruid verskyn.

Die koring en onkruid het begin saamgroei. Hulle het dieselfde voeding geneem uit dieselfde grond. Hulle het gedrink in dieselfde son en reën.

Toe eendag het die hemel verander na brons, en die plante het begin kantel en was besig om te sterf. Ek het die koring hulle koppe hoor ophig en uitroep na God vir reën. Die onkruid het ook hulle stemme opgelig en gepleit om reën. Toe het die lug verduister en die reën het geval, en weer het die koring, nou vol krag hulle stemme opgelig en gehuil in aanbidding: "Prys die Here". En tot my verbasing het die herleefde onkruid ook opgekyk en gesê: "Halleluja!"

Toe het ek die waarheid van die kampbyeenkoms geweet en die visioen. Die gelykenis van die Saaiër en die Saad, die sesde hoofstuk van Hebreërs, en die duidelike manifestasie van Geestelike gawes in 'n gemengde gehoor—alles het wonderbaarlik duidelik geword. Die saaiër in wit was die Here. Die saaiër in swart was die duiwel. Die wêreld was die veld. Die sade was mense, uitverkorenes en uitgeworpenes. Albei het van dieselfde voeding, water en son gehad. Beide het gebid. Beide het hulp ontvang van God, want Hy maak dat Sy son en reën val op beide goed en sleg. En hoewel hulle altwee dieselfde wonderlike seëning en altwee dieselfde wonderlike manifestasies gehad het, DAAR WAS NOG DAARDIE EEN GROOT VERSKIL, HULLE WAS VAN VERSKILLENDE SADE.

Hier was ook die antwoord vir Matthéüs 7:21-23

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Jesus ontken nie dat hulle die magtige werke gedoen het wat slegs die Heilige Gees kan uitvoer deur middel van mense nie. Maar Hy het ontken dat Hy hulle ooit geken het. Hierdie was nie afvalliges nie. Hierdie was boos, nie weergebore, uitgeworpenes. Hierdie was die saad van Satan.

En daar is dit. Jy KAN NIE aanspraak maak dat manifestasie die bewys is van Gees-gebore, Gees-ervuld nie. Nee meneer. Ek sal toegee dat ware manifestasie die bewys van die Heilige Gees is wat magtige werke doen, maar dit is NIE die bewys van die individu wat Gees-ervuld is NIE, selfs al het daardie individu 'n oorvloed van daardie manifestasies.

Die bewys van die ontvangs van die Heilige Gees vandag is net soos dit destyds in die dag van onse Here was. Dit is die ontvangs van die Woord van waarheid vir die dag waarin jy lewe. Jesus het nooit die belangrikheid van die Werke beklemtoon soos Hy die Woord het nie. Hy het geweet dat as die mense die WOORD kry sou die werke volg. Dit is Bybel.

Nou Jesus het geweet daar sou 'n verskriklike wegval wees van die Woord in die Pérgamese Eeu wat nog tweehonderd jaar weg was van die Patmos visioen. Hy het geweet dat die wegdryf sou veroorsaak dat hulle in die Donker Eeue ingaan. Hy het geweet dat die manier wat die mens oorspronklik van God weggedryf het was deur die Woord te los. As jy daardie Woord los, het jy God verlaat. Dus Hy het Homself voorgestel aan die kerk in Pérgamus, en inderdaad aan alle kerke van alle eeue: "Ek is die Woord. As julle Godheid in julle midde wil hê, verwelkom dan en ontvang die Woord. Moet nooit laat enigiemand of enigiets tussen jou en daardie Woord kom nie. Hierdie wat ek jou gee (die Woord) is 'n openbaring van Myself. EK IS DIE WOORD. Onthou dit!"

Ek wonder of ons voldoende beïndruk is met die Woord in ons midde. Laat my hier 'n gedagte gee vir julle. Hoe bid ons? Ons bid in Jesus se Naam, nie waar nie? Elke gebed is in Sy Naam of daar is nie enige antwoord nie.

Tog in I Johannes 5:14, word daar gesê,

En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

Nou vra ons: "Wat is die wil van God?" Daar is net EEN MANIER om Sy wil te ken en dit is deur die WOORD VAN GOD.

Klaagliedere van Jeremia 3:37,

Wie spreek daar, en dit gebeur? Het die Here dit nie beveel nie?

Daar is dit. As dit nie in die Woord is nie kan jy dit nie hê nie. So ons kan nie vra tensy dit in die Woord is nie, en ons kan nie versoek of vra tensy dit in Sy Naam is nie. Daar is dit weer. JESUS (die Naam) is die WOORD (wil). Jy kan nie God en die Woord skei nie. Hulle is EEN.

Nou dan, hierdie Woord wat Hy agtergelaat het op die gedrukte bladsy is 'n deel van Hom wanneer jy dit deur geloof in 'n Gees-ervulde lewe aanvaar. Hy het gesê dat Sy Woord lewe was. Johannes 6:63b. Maar dit is presies wat Hy is:

Johannes 14:6,

Ek is die weg en die waarheid en die lewe.

Romeine 8:9b

as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

Daar is dit, Hy is Gees en Hy is Lewe. Dit is presies wat die Woord is; dit is presies wat Jesus is. Hy is die Woord. So wanneer 'n Gees-gebore, Gees-ervulde man in geloof daardie Woord in sy hart neem en dit plaas op sy lippe, wel dit is dieselfde as Godheid wat spreek. Elke berg moet beweeg. Satan kan nie voor daardie man staan nie.

As die kerk, daar ver terug in daardie derde eeu net vasgehou het aan die openbaring van die lewende Woord in hulle midde, sou die Krag van God nie vervaag het soos dit het in daardie Donker Eeue nie. En net vandag, wanneer die kerk na die Woord terugkeer in geloof, kan ons sê sonder twyfel dat die glorie van God en die groot handeling van God in haar midde sal wees.

Een aand terwyl ek die Here gesoek het, het die Heilige Gees vir my gesê om my pen op te tel en te skryf. Soos ek die pen vasgehou het om te skryf, het Sy Gees het vir my 'n boodskap gegee vir die kerk. Ek wil dit vir julle gee ... Dit het te doen met die Woord en die bruid.

Hier is wat ek probeer om vir julle te sê. Die wet van voortplanting is dat elke spesie voortbring volgens sy eie soort, selfs volgens Génesis 1: 11, "En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. Die einste selfde wet het betrekking tot die kerk vandag. Watter saad die kerk begin het sal voortkom en sal wees soos die oorspronklike saad omdat dit dieselfde saad is. In hierdie laaste dae

sal die ware Bruid Kerk (Christus se saad) na die Hoofsteen kom, en sy sal die super kerk wees, 'n super ras, soos sy Hom benader. Hulle in die bruid sal so baie soos Hy wees dat hulle selfs in Sy einste beeld sal wees. Hierdie is in orde om met Hom verenig te wees. Hulle sal een wees. Hulle sal die einste manifestasie van die Woord van die lewende God wees. Denominasies kan dit nie voortbring nie (verkeerde saad). Hulle produseer hulle geloofsbelydenisse en hulle dogmas, gemeng met die Woord. Hierdie kruisteling bring 'n baster produk voort.

Die eerste seun (Adam) was die gesproke saad-Woord van God. Hy is 'n bruid gegee om homself voort te plant. Dit is hoekom die bruid aan hom gegee is, om homself voort te plant; om nog 'n seun van God voort te bring. Maar sy het geval. Sy het geval deur verbastering. Sy het veroorsaak dat hy gesterf het.

Die tweede Seun (Jesus), ook 'n gesproke Saad-Woord van God is 'n bruid gegee net soos vir Adam. Maar voor Hy met haar kon trou, het sy ook geval. Sy, soos Adam se vrou, is getoets of sy die Woord van God sou glo en lewe, of twyfel aan die Woord en sterf. Sy het getwyfel. Sy het die Woord gelos. Sy het gesterf.

Van 'n klein groepie van die ware saad van die Woord, sal God Christus gee 'n geliefde bruid. Sy is 'n maagd van Sy Woord. Sy is 'n maagd omdat sy geen mensgemaakte leerstellings of dogmas ken nie. Met en deur die lidmate van die bruid sal alles vervul word wat belowe is van God om gemanifesteer te word in die maagd.

Die woord van belofte het na die maagd Maria gekom. Maar daardie Woord van belofte was Hy, Homself, om gemanifesteer te word. God was gemanifesteer. Hy, Homself, het op daardie tyd opgetree en het Sy eie Woord van die belofte vervul in die maagd. Dit was 'n engel wat haar die boodskap gebring het. Maar die engel se boodskap was die Woord van God. Jesaja 9:6. Hy het op daardie tyd alles vervul wat van Hom geskryf is omdat sy Sy Woord aan haar aanvaar het.

Die lidmate van die maagd bruid sal Hom liefhê, en hulle sal Sy vermoëns hê, want Hy is hulle hoof, en alle krag behoort aan Hom. Hulle is onderdanig aan Hom soos die lidmate van ons liggame onderdanig is aan ons hoofde.

Let op die harmonie van die Vader en die Seun. Jesus het nooit enigiets gedoen nie totdat dit eers deur die Vader aan Hom gewys is. Johannes 5:19. Hierdie harmonie moet nou bestaan tussen die Bruidegom en Sy bruid. Hy wys haar Sy Woord van lewe. Sy ontvang dit. Sy betwyfel dit nooit nie. Gevolglik, niks kan haar skade aandoen nie, nie eens dood nie. Want as die saad geplant word, sal die water dit weer oprig. Hier is die geheim van dit. Die Woord is in die bruid (soos dit was in Maria). Die bruid het die gedagte van Christus want sy weet wat Hy gedoen wil hê met die Woord. Sy verrig die opdrag van die Woord in Sy Naam want sy het "So spreek die Here." Dan word die Woord lewendig gemaak deur die Gees en dit word vervul. Soos 'n saad wat geplant en water gegee word, kom dit tot volle oes, en dien die doel.

Hulle in die bruid doen net Sy wil. Niemand kan hulle anders laat maak nie. Hulle het 'So spreek die Here' of hulle bly stil. Hulle weet dat dit God moet wees in hulle wat die werke doen, wat Sy eie Woord vervul. Hy het nie al Sy werk klaar gemaak terwyl Hy in Sy aardse bediening was nie so nou werk Hy in en deur die bruid.

Sy weet dit, want dit was nog nie tyd vir Hom om sekere dinge te doen wat Hy nou moet doen nie. Maar Hy sal nou deur die bruid vervul die werk wat Hy vir hierdie spesifieke tyd gelos het.

Nou laat ons soos Josua en Kaleb staan. Ons beloofde land kom in sig soos hulle sin het. Nou Joshua beteken 'Jehova Redder', en hy verteenwoordig die eindtyd leier wat na die kerk toe sal kom net soos Paulus gekom het as die oorspronklike leier. Kaleb verteenwoordig diegene wat getrou gebly het by Joshua. Onthou, God het Israel begin as 'n maagd met Sy Woord. Maar hulle wou iets anders gehad het. Net so het die laaste dag kerk. Merk hoe God Israel nie beweeg het nie, of haar laat ingaan het in die beloofde land totdat dit Sy eie bestemde tyd was. Nou die mense kon druk op Josua gesit het, die leier, en gesê het: "Die land is ons sin, laat ons gaan en dit neem. Josua, jy is klaar, jy moes jou opdrag verloor het, jy het nie die krag wat jy altyd gehad het nie. Jy het altyd gehoor van God en die wil van God geweet, en vinnig opgetree. Iets is verkeerd met jou." Maar Josua was 'n Godgestuurde profeet en hy het die beloftes van God geken, so hy het vir hulle gewag. Hy het gewag vir 'n duidelike besluit van God en toe die tyd gekom het om te beweeg, het God die volle leierskap in Josua se hande geplaas omdat hy by die Woord gebly het. God kon Josua vertrou maar nie die ander nie. So dit sal herhaal in hierdie endtyd. Dieselfde probleme, dieselfde druk.

Neem die voorbeeld wat ons in Moses sien. Hierdie magtige gesalfde profeet van God het 'n eienaardige geboorte gehad, gebore op die regte tyd vir die verlossing van Abraham se saad van Egipte. Hy het nooit in Egipte gebly om te stry oor die skrif nie, of om 'n ophef te maak met die priesters nie. Hy het na die wildernis gegaan totdat die mense gereed was om hom te ontvang. God

het Moses geroep na die wildernis. Die wag was nie Moses se skuld nie maar as gevolg van die mense wat nie gereed was om hom te ontvang nie. Moses het gedink die mense sou verstaan maar hulle het nie.

Dan is daar Elía na wie die Woord van die Here gekom het. Toe hy klaar die waarheid gepreek het aan daardie groep wat toe die voorloper was van die Amerikaanse Jesébel groep wat nie die Woord ontvang het nie, het God hom teruggeroep van die veld af en het daardie geslag getyster vir die verwerping van die profeet en die boodskap wat God gegee het. God het hom na die wildernis geroep en hy sou nie eens vir die koning uitkom nie. Hulle wat probeer het om hom te oortuig om dit te doen, het gesterf. Maar God het met Sy getroue profeet gesprek deur 'n visioen. Hy het uit sy wegkruipplek gekom en die Woord na Israel teruggebring.

Toe het Johannes die Doper gekom, Christus se getroue voorganger, die magtige profeet vir sy dag. Hy het nie na sy pa se skool gegaan nie, of die skool van die Fariseërs—hy het na geen denominasie gegaan nie, maar uit na die wildernis geroep daarheen deur God. Daar het hy gebly totdat die Here hom uitgestuur het met die boodskap, uitgeroep, 'Die Messias is naby.'

Nou laat ons 'n Skriftuurlike waarskuwing hier vat. Was dit nie in die dae van Moses wat God geregverdig het dat Korag opstaan en daardie magtige profeet teenstaan nie? Hy het met Moses gestry en het aanspraak gemaak dat hy net soveel van God gehad het om die mense te lei en dat ander gedeeltes in die Goddelike openbaring net soos wat Moses het. Hy het die gesag van Moses ontken. Nou die mense daardie tyd, nadat hulle die ware Woord gehoor het en wel bekend was met die feit dat 'n ware profeet bevestig is deur God, sê ek daardie mense het vir Korag en sy voordele geval. Korag was nie 'n Skriftuurlike profeet nie maar die mense het in groot getalle met hulle leiers hom gekies. Net soos die evangeliste vandag met hulle goue kalf skemas soos Korag sin. Hulle lyk goed vir die mense soos wat Korag toe goed gelyk het. Hulle het bloed op hul voorkoppe, olie op hulle hande en balle van vuur op die platvorm. Hulle laat vroue predikers toe, laat vroue hulle hare sny, dra langbroeke en kortbroeke, en onseil die Woord van God vir hulle eie leerstellings en dogmas. Dit wys watter soort saad in hulle is. Maar nie al die mense het teen Moses gedraai en die Woord van God verlaat nie. Nee. Die uitverkorenes het by hom gebly. Dieselfde gebeur weer vandag. Baie verlaat die Woord maar party bly daarby. Maar onthou die gelykenis van die koring en onkruid. Die onkruid moet saam gebind word om verbrand te word. Hierdie afvallige kerke word nader en nader gebind, gereed vir die vure van God se oordeel. Maar die koring gaan versamel word vir die Meester.

Nou ek wil hê julle moet baie versigtig hier wees en dit sien. God het belowe dat by die endtyd Maleági 4 vervul gaan word. Dit moet so wees want dit is die Gees-gestimuleerde Woord van God wat deur die profeet Maleági gesprek is. Jesus het daarna verwys. Dit is net voor Christus die tweede keer kom. Teen die tyd wat Jesus kom moet alle Skrifte vervul wees. Die Heidense dispensasie sal in sy laaste kerke wees wanneer daardie boodskapper van Maleági kom. Hy sal reg met die Woord wees. Hy sal die hele Bybel van Génesis tot Openbaring vat. Hy sal begin by die slang se saad en voortgaan na die boodskapper in die laaste reën. Maar hy sal verwerp word deur die denominasies.

Hy moet wees want dit is geskiedenis wat homself herhaal van die tyd van Agab af. Israel se geskiedenis onder Agab gebeur net hier in Amerika waar die profeet van Maleági verskyn. Soos Israel Egipte verlaat het om in godsdiensvryheid te aanbid, het die inboorlinge uitgestoot, het 'n nasie opgerig met groot leiers soos Dawid ens., en sit toe 'n Agab op die troon met 'n Jesébel agter hom om te lei, so het ons presies dieselfde in Amerika gedoen. Ons voorvaders het getrek vir hierdie land om te aanbid en in vryheid te lewe. Hulle het die inboorlinge teruggestoot en die land oorgeneem. Magtige manne soos Washington en Lincoln was opgewek maar na 'n ruk het ander manne van sulke swak kaliber oorgevat van hierdie waardige manne en spoedig het 'n Agab in die presidensiële stoel gesit met 'n Jesébel agter hom om hom te lei. Dit is op so 'n tyd soos die dat die boodskapper van Maleági moet kom. Dan in die laaste reën sal 'n Berg Karmel konfrontasie gebeur. Kyk nou mooi hierna om dit in die Woord te sien. Johannes was die voorloper van Maleági 3. Hy het die vroeë reën geplant en is verwerp deur die organisasies van sy dag. Jesus het gekom en 'n Berg van Verheerliking konfrontasie gehad. Die tweede voorganger van Christus sal vir die laaste reën saai. Jesus sal die konfrontasie wees tussen die denominasies en leerstellings, want Hy sal kom om Sy Woord te ondersteun en Sy bruid te vat in die wegraping. Die eerste konfrontasie was Berg Karmel; die tweede was die Berg van Verheerliking, en die derde sal wees die Berg Sion.

Die vreemde gedrag van Moses, Elía, en Johannes wat weggetrek het van die mense in afsondering het baie deurmekaar gelos. Hulle het nie besef dat dit was omdat hulle boodskappe verwerp is nie. Maar die saad is gesaai, die planttyd was verby. Oordeel was volgende. Hulle het hulle doel gedien as 'n teken vir die mense, so oordeel was volgende.

Ek glo volgens Openbaring 13:16 dat die bruid sal moet ophou preek want die dier vereis die merk in die hand of voorkop as toestemming gegee word om te preek. Denominasies sal die merk neem, of verplig word om te stop om te preek. Dan sal die Lam kom vir Sy bruid en die groot hoer oordeel.

Nou onthou dat Moses gebore is vir 'n sekere werk, maar hy kon dit nie doen totdat hy die gewes ontvang het wat hom sou in staat stel om die werk te doen nie. Hy moes uitgaan in die woestyn en daar wag; God het 'n bepaalde tyd gehad. Daar moes 'n sekere Farao op die troon wees, en die mense moes uitroep vir die brood van die lewe, voor God hom kon terugstuur. Dit is waar vir ons dag.

Maar wat het ons in hierdie ons dag? Menigtes is werkende tekens totdat ons 'n geslag het van teken soekers wat min of niks ken van die Woord, of 'n ware beweging van die Gees van God nie. As hulle bloed sien, olie en vuur is hulle gelukkig; dit maak nie saak wat in die Woord is nie. Hulle sal enige teken ondersteun, selfs onskriftuurlikes. Maar God het ons gewaarsku oor dit. Hy het in Matthéüs 24 gesê dat in die laaste dae sal die twee geeste so naby aan mekaar wees dat slegs die ware uitverkorenes hulle uitmekaar sal kan ken, want hulle alleen sal nie mislei word nie.

Hoe kan jy die geeste uitmekaar ken? Gee hulle net die Woord toets. As hulle nie daardie Woord spreek nie, is hulle van die bese een. Soos die bese een die eerste twee bruide mislei het, sal hy probeer om die bruid van hierdie laaste dag te mislei, deur haar te probeer kry om te hibridiseer deur leerstellings, of net om weg te draai van die Woord na enige teken wat haar pas. Maar God het nooit tekens voor die Woord gestel nie. Tekens volg die Woord, soos toe Elía vir die vrou gesê het om eers 'n koek vir hom te bak, volgens die Woord van die Here. Toe sy gedoen het soos die Woord gesê het, het die regte teken gekom. Kom eers na die Woord en kyk dan vir die wonderwerk. Die saad Woord is bekragtig deur die Gees.

Hoe kan enige boodskapper gestuur deur God net 'n deel van die Woord glo en 'n deel daarvan teenspreek? Die ware profeet van God in hierdie laaste dag sal die hele Woord verkondig. Denominasies sal hom haat. Sy Woorde mag so hard wees soos Johannes die Doper wat hulle slange genoem het. Maar die voortbestemdes sal luister en gereed wees vir die wegraping. Die Koninklike Saad van Abraham, met dieselde geloof as Abraham sal vashou aan die Woord met hom, want hulle is saam voortbestem.

Die laaste dag boodskapper sal op God se bestemde tyd verskyn. Dit is nou die eindtyd soos almal weet, want Israel is in die tuisland. Enige tyd nou sal hy kom volgens Maleági. Wanneer ons hom sien, sal hy toegewy wees aan die Woord. Hy sal aangewys wees (uitgewys in die Woord. Openbaring 10:7.) en God sal sy bediening bevestig. Hy sal die waarheid preek soos Elía en gereed wees vir die Berg Sion konfrontasie.

Baie sal hom misverstaan omdat hulle Skrifte geleer is op 'n sekere manier wat hulle as die waarheid beskou. Wanneer hy daarteen gaan, sal hulle nie glo nie. Selfs party ware predikers sal die boodskapper misverstaan omdat soveel as God se waarheid genoem is deur bedrieërs.

Maar hierdie profeet sal kom, en soos die voorloper na die eerste koms geroep het: "Aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem," selfs so sal hy sonder twyfel uitroep, "Aanskou die Lam van God se koms in glorie." Hy sal dit doen, want selfs soos Johannes die boodskapper van die waarheid aan die uitverkorenes was, so is hierdie een die laaste boodskapper aan die uitverkorenes en Woord-gebore bruid.

Christus Verheerlik Die Kerk

Openbaring 2:13

Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.

Ek ken jou werke. Hierdie is die identiese woorde wat tot elkeen van die sewe boodskappers gespreek is relatief tot die mense van God in elke eeu. Soos daar met die twee wingerdstokke gepraat word (waar en vals) sal hulle vreugde en blydschap bring aan die harte van een groep, maar hulle behoort angs in die harte van die ander groep te bring. Want hoewel ons deur genade gered is, apart van werke, ware verlossing sal werke voortbring, of dade wat God sal behaag.

I Johannes 3:7,

My kinders, laat niemand julle mislei nie; wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.

As hierdie vers enigiets beteken, beteken dit dat wat 'n man DOEN dit IS hy.

Jakobus 3:11,

'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie?

Romeine 6:2,

Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Matthéüs 12:33-35

Julle moet of die boom goed maak en sy vrugte goed, of julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken.

Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorfloed van die hart praat die mond.

Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn.

Nou as 'n man gebore is uit die Woord (*wedergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly.* I Petrus 1:23), hy sal die Woord voortbring. Die vrugte of werke van sy lewe sal 'n produk wees van die soort saad of lewe wat in hom is. Sy werke, derhalwe sal Skriftuurlik wees. O, wat 'n aanklag gaan hierdie waarheid wees teen die Pêrgamese Eeu. Daar staan daardie Weergalose Een, en in Sy hand die skerp swaard met die twee kante, die Woord van God. En daardie Woord sal ons in die laaste dag oordeel. In werklikheid beoordeel die Woord reg nou, want dit onderskei die gedagtes en voorneme van die hart. Dit sny afsonderlik die vleeslike van die geestelike. Dit maak ons lewende briewe geles en bekend aan alle mense tot die eer van God.

Ek ken jou werke. As 'n mens bang is dat hy nie God mag behaag nie, laat hom dan die Woord vervul. As 'n man wonder of hy daardie woorde sal hoor: "Wel gedaan, goeie en getroue dienskneg," laat hom in sy lewe die Woord van God vervul, en verseker sal hy daardie woorde van lof hoor. Die Woord van waarheid was die kenmerk toe; dit is die kenmerk nou. Daar is nie 'n ander standaard nie, daar is nie 'n ander loodlyn nie. Soos die wêreld geoordeel gaan word deur een Christus Jesus, net so gaan dit geoordeel word volgens die Woord. As 'n mens wil weet waar hy staan, laat hom doen soos Jakobus voorgestel het: "Kyk in die spieël van God se Woord."

Ek ken jou werke. Soos Hy daar gestaan het met die Woord, en hulle lewens ondersoek het in die lig van die bloudruk wat Hy vir hulle uitgelê het, moes Hy heel tevrede gewees het in 'n beminlike mate, want hulle, soos die ander wat reeds oorlede is, het die vervolging van die onregverdiges deurstaan en het steeds vreugdevol vasgehou aan die Here. Hoewel dit op tye baie moeilik was om die Here te dien, tog het hulle Hom gedien en Hom aanbid in Gees en in Waarheid. Maar met die vals wingerdstok was dit nie so nie. Helaas, hulle het die lewe wat gebou is op die Woord verwerp en het nou verder en verder weggegaan van die waarheid af. Hulle dade het getuig van die dieptes waartoe hulle gesink het.

U Hou My Naam Vas

"Na wie kan ons gaan? U alleen het die woorde van die ewige lewe!" Hulle het toe vasgehou; hulle het nou vasgehou, maar nie met fatalistiese vrees soos mense wat dor lewe nie. Hulle het vasgehou in Sy krag, in die versekering van die Gees dat hulle een in Hom was. Hulle het verseker geweet van sondes wat vergewe is en hulle het die Naam van 'n 'Christen' gedra as getuigenis daarvan. Hulle het daardie Naam geken en liefgehad bo elke naam. Hulle knieë het voor daardie Naam gebuig. Hulle tonge het dit bely. Wat hulle ookal gedoen het, het hulle alles gedoen in die Naam van die Here Jesus. Hulle het daardie Naam genoem en weggebly van kwaad, en deurdat hulle die standpunt ingeneem het was hulle nou bereid om te sterf vir daardie Naam, seinde verseker van 'n beter opstanding.

Vat die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van ellende.
Dit sal jou vreugde en troos gee.
Neem dit dan waar jy ookal gaan.
Dierbare Naam, O hoe soet,
Hoop van aarde en vreugde van Hemel.

Alreeds in die tweede eeu was daardie woorde "Vader, Seun en Heilige Gees" uitgespel 'Drie-eenheid' vir baie, en die politeïstiese idee van drie Gode het 'n leerstelling in die vals kerk geword. Dit sou nie lank wees voor die Naam weggeneem word nie, soos dit inderdaad was in hierdie eeu, en in die plek het die titels van die EEN GROOT GOD die NAAM vervang van, Here Jesus Christus. Terwyl baie afvallig geword het en 'n drie-eenheid aangeneem het en gedoop het in die titels van Godheid, het die Klein Kuddetjie steeds gedoop in die Naam van Jesus Christus en het so die waarheid behou.

Met so baie wat God onteer het, Hom in drie gode verander, en Sy genadige Naam verander na titels, dan sou mens wonder of die tekens en wonders wat so 'n groot Naam vergesel nog steeds onder die mense besoek sou aflê. Inderdaad was daardie tekens magtig en wonderlik gemanifesteer, hoewel sekerlik nie in die vals wingerdstok nie. Manne soos Martin was grootliks gebruik en God het dit getuig deur beide tekens en wonders en gawes van die Heilige Gees. Daardie Naam was nog doeltreffend soos

dit altyd was en ooit sal wees waar die heiliges Hom eer deur die Woord en geloof.

U Het Nie My Geloof Ontken Nie

In Handeling 3:16 toe Petrus gevra is hoe die magtige wonderwerk op die kreupel in die Poort van Prag plaasgevind het, het hy dit verduidelik op hierdie wyse: *En deur die geloof in sy Naam (Jesus) het sy Naam hierdie man, (vroeër n kreupel) wat julle sien en ken, sterk gemaak, ja, en die geloof wat deur (van) Hom is het hom (die man) hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal. Sien, daar is dit. Jesus se Naam, en Jesus se Geloof het die wonderwerk teweeggebring. Petrus het nie aanspraak gemaak daarop dat dit sy eie menslike geloof was meer as wat hy aanspraak gemaak het dat dit sy eie naam was nie. Hy het gesê dat Jesus se Naam wat gebruik is in die geloof wat van Jesus is het daardie groot werk gedoen. Hierdie geloof is waarvan die Here gepraat het in Openbaring 2:13. Dit was SY geloof. Dit was nie geloof IN Hom nie. Maar dit was SY EIE geloof wat Hy aan die gelowiges gegee het.*

Romeine 12:3

Soos God dit aan elkeen toebedeel het (volgens vers 1 is dit BROEDERS) die maat van geloof.

Efésiërs 2:8,

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.

En dit sê ook in Jakobus 2:1,

My broers (let op, ook, hy praat met BROERS) laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van (VAN nie in nie) die heerlijkheid, nie wees met aanneming van die persoon nie.

In hierdie Pérgamese Eeu waar die mense verlossing vermenslik het, het hulle weggedraai van die waarheid dat "Verlossing is van die Here,"—en die doktriene van uitverkiesing uitgegooi en die kerkdeur wyd oopgemaak en hulle broederskap aan enige en almal gegee het wat inteken op hulle beginsels (maak nie saak die Woord nie), in hierdie eeu van vinnige agteruitgang, was daar nog die paar wat 'n maat van geloof gehad het van ons Here Jesus Christus, en het nie die geloof in die handeling van krag gebruik nie maar het teen die gestaan wat durf se dat hulle gered is deur die feit dat hulle by 'n kerk aangesluit het. Hulle het geweet dat geen mens waarlik tot die Ewige lewe kon glo en die geregtigheid van God nie, apart van die mate van die geloof van die Here Jesus, Homself nie. Soos vandag se kerk gevul is met verstandelike gelowiges wie die maagd geboorte onderskryf, die vergiete bloed, gaan kerk toe en neem nagmaal, en is nie wedergebore hoegenaamd nie, selfs in daardie derde eeu was daar dieselfde probleem. Menslike geloof was nie toe genoeg nie en dit is nie nou genoeg nie. Dit neem die einste geloof van die Seun van God om in 'n mens se hart te val sodat hy die Here van glorie in die tempel kan ontvang wat nie met hande gemaak is nie.

Hierdie was 'n lewende geloof. "Ek lewe deur die geloof van die Seun van God." Paulus het nie gesê dat hy leef deur geloof IN die Seun van God nie. Dit was die geloof van die Seun van God wat hom lewe gegee het en hom gehou het in Christelike oorwinning.

Nee, hulle het nie ontken dat verlossing bonatuurlik was van begin tot einde nie. Hulle het die waarheid van Sy Naam onderhou en Sy Geloof en hulle is geseën deur die Here en is waardig geag deur Hom.

Antipas My Geloofwaardige Martelaar

Daar is geen ander rekord in die Woord of in enige goddelose geskiedenis aangaande hierdie broer nie. Maar sekerlik hoef daar nie te wees nie. Dit is meer as genoeg dat hy voorafbekend en geken was deur die Here. Dit is meer as genoeg om sy getrouheid aan die Here te sien opgeteken in die lewende Woord. Hy was 'n Christen. Hy het die Naam van Jesus gehad. Hy het die geloof van ons Here Jesus Christus gehad en hy was tussen hulle wat daarvolgens gelewe het. Hy het geantwoord op die woorde van Jakobus: "Moenie die geloof van ons Here Jesus Christus ontsien vir mense nie." Vol van die Heilige Gees en geloof net soos Stéfanus was, het hy niemand gerespekteer nie, hy het niemand gevrees nie; en toe die dood oor almal uitgespreek is wat daardie Naam sou neem en in die geloof van Jesus Christus wandel het hy sy standpunt ingeneem met hulle wie nie sou terugdraai nie. Ja, hy het gesterf, maar soos Abel, het hy 'n getuie van God ontvang (sy naam is geskryf in die Woord), en hoewel dood, spreek sy stem steeds in die bladsye van God se Goddelike register. Nog 'n getroue martelaar was na sy rus gedra. Maar Satan het nie getriomfeer nie, net soos hy nie getriomfeer het toe hy die Prins van Vrede doodgemaak het nie, want soos Satan geroof was by die kruis, selfs nou sal die bloed van Antipas uitroep na honderde meer wat hulle kruise sal opneem en Hom volg.

Waar Satan se Troon Is

Die rede dat dit deel is van die lofspraak van die Gees is omdat hierdie dapper soldate van die kruis Satan oorwin het reg in sy midde van sy eie troonkamer. Hulle was besig om die stryd te wen deur die Naam en Geloof van Jesus reg in die kamp van die leiers van duisternis. Wat 'n wonderlike erkenning. Soos die magtige manne van Dawid wat in die laer van die vyand ingegaan het om vir Dawid dorslessende water te bring, so het hierdie reuse van geloof die ryk van Satan se aardse vesting binnegedring en deur prediking en aanmoediging die water van verlossing gebring aan hulle wat onder die skaduwee van dood geleef het.

Nou soveel as wat hierdie woorde aangaande die troon en ryk van Satan 'n deel van God se lof vir Sy uitverkorenes is, verskaf hulle eintlik 'n platform vir die aanklag van die kwaad wat oppermagtig geword het in die kerk.

PÉRGAMUS: *Satan se Troon en Blyplek.* Vir baie, is hierdie uitdrukkings net voorstellings eerder as waarlik geskiedkundig. Maar dit is baie werklik en geskiedenis beeld dit uit. Pérgamus was wel die troon en blyplek van Satan. Dit het gebeur op hierdie wyse:

Pérgamus was nie oorspronklik die plek waar Satan (wat menslike sake betref) gewoon het nie. Babilon was altyd letterlik en figuurlik sy hoofkwartiere. Dit was in die stad van Babilon waar Satanistiese aanbidding sy oorsprong gehad het. Génesis: 10:8-10 *Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n gewelddenaar op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear.*

Génesis 11:1-9,

En die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde.

En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte en daar het hulle gaan woon.

Daarop sê hulle vir mekaar: Kom laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bonstene en die lymgrond vir klei.

En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel kan reik; sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.

Toe daal die Here neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het.

En die Here sê, Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks sal vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.

Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.

So het die Here hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou.

Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die Here die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die Here hulle oor die hele aarde verstrooi.

Babel is die oorspronklike naam vir Babilon. Dit beteken verwarring. Dit was letterlik begin by Kus, die seun van Gam, maar is gebring na 'n koninkryk van krag en aansienlikheid onder sy seun, Nimrod, die magtige jagter. Nimrod, volgens die Génesis elf beskrywing en ook volgens ontheiligende geskiedenis, het begin om drie dinge tot stand te bring. Hy wou 'n sterk nasie bou, wat hy gedoen het. Hy wou sy eie godsdiens propageer, wat hy gedoen het. Hy wou 'n naam maak vir homself, wat hy ook gedoen het. Sy prestasies was so kolossaal dat die koninkryk van Babilon genoem was die kop van goud onder al die wêreld regerings. Dat sy godsdiens prominensie verwerf het word bewys deur die feit dat Skrifte dit identifiseer met Satan algeheel in Jesaja Hoofstuk 14 en in Openbaring Hoofstuk 17-18. En deur die geskiedenis kan ons bewys dat dit die hele wêreld oorgeneem het en die basis is van elke sisteem van afgodery, en die tema van mitologie, alhoewel die name van die gode verskil, in verskillende seksies van die land volgens die taal van die mense. Dat hy 'n naam gemaak het vir homself en sy volgelinge spreek vanself, want solank as wat hierdie huidige eeu aangegaan het (totdat Jesus Homself openbaar aan Sy broers) sal hy aanbid en geëer word hoewel onder 'n ander naam as Nimrod, en in 'n tempel effens anders as die een waarin hy oorspronklik aanbid is.

Aangesien die Bybel nie deel in die geskiedenis van ander nasies in detail nie, sal dit nodig wees om die ou ontheiligende geskifte te soek om ons antwoord te vind van hoe Pérgamus die sitplek van Satanistiese aanbidding in Babilon geword het. Die groot bronne van informasie sal in rekords wees van

Egiptiese en Griekse kultuur. Die rede hiervoor is dit, dat Egipte haar wetenskap en wiskunde ontvang het van die Chaldeërs en Griekeland het hulle sin ontvang van Egipte.

Nou aangesien die priesters in beheer was om van hierdie wetenskappe te onderrig, en aangesien hierdie wetenskappe gebruik is as 'n deel van godsdiens, dan ken ons reeds die sleutel van hoe die Babiloniese godsdiens ondersteuning gekry het in hierdie twee lande. Dit is ook waar dat wanneer 'n nasie in staat was om 'n ander nasie te oorwin, in tyd het die godsdiens van die oorwinnaar die godsdiens van die onderwerpte geword. Dit is goed bekend dat die Grieke die einste tekens van die Diereriem gehad het soos die Babiloniërs; en dit is gevind in die antieke Egiptiese rekords dat die Egiptenaars aan die Grieke gegee het hulle kennis van politeïsme. Dus het die verborgenhede van Babilon versprei van nasie tot nasie totdat dit verskyn het in Rome, in China, Indië en selfs in albei Noord- en Suid-Amerika vind ons die einste selfde basiese aanbidding.

Die ou geskiedenis stem saam met die Bybel dat hierdie Babiloniese godsdiens sekerlik nie die oorspronklike godsdiens was van die aarde se vroeë mense nie. Dit was die eerste om weg te beweeg van die oorspronklike geloof; maar dit was self nie die oorspronklike een nie. Geskiedkundiges soos Wilkinson en Mallett het beslis bewys in die ou dokumente dat al die mense op die aarde op een tyd geglo het in EEN GOD, opperste, ewige, onsigbaar, Wat deur die Woord van Sy mond gespreek het alles wat bestaan, en dat in Sy karakter, Hy liefdevol en goed en regverdig was. Maar soos Satan altyd sal bederf wat hy ook al kan, vind ons hom om gemoedere en harte van die mense te bederf sodat hulle die waarheid verwerp. Soos hy altyd probeer het om aanbidding te kry asof hy God was en nie die dienskneg en die skepping van God was nie, het hy aanbidding weggevat van God af in so 'n mate dat hy dit vir homself kon vat en so verhoog word. Hy het sekerlik sy begeerte uitgevoer om sy godsdiens dwarsdeur die hele wêreld te versprei. Hierdie is bekragtig deur God in die Boek van Romeine: "Toe hulle God geken het, het hulle Hom nie as God verheerlik nie, totdat hulle ydel geword het in hulle verbeeldings, en deur duisternis van hart 'n korrup godsdiens aanvaar het tot die uiterste waar hulle kreature aanbid het, en nie die Skepper nie."

Onthou, Satan was 'n kreatuur van God (Seun van die Oggend.) Dus vind ons dat waar die waarheid versprei was onder mense, en almal vasgehou het aan daardie een waarheid, het daar later 'n dag gekom toe 'n groot groep weggedraai het van God en 'n duiwelse vorm van aanbidding rondom die wêreld versprei het. Geskiedenis dra dit uit dat daardie van die stam van Sem wat by die onveranderlike waarheid gestaan het in soliede teenstand was met die van Gam wat weggedraai het van die waarheid na die duiwelse leun. Daar is geen tyd om in 'n bespreking van hierdie aard in te gaan nie; dit is net gewys sodat julle kan sien dat daar was twee godsdienste en slegs twee, en die bese een het wêreld wyd bekend geword.

Monoteïsme het verander na politeïsme in Babilon. Die duiwel se leuen en die duiwel se verborgenhede het teen die waarheid van God opgekom en die verborgenhede van God in daardie stad. Satan het waarlik die god van hierdie wêreld geword en het aanbidding afgedwing vanaf hulle wat hy bedrieg het, wat veroorsaak dat hulle glo dat hy waarlik die Here was.

Die politeïstiese godsdiens van die vyand het begin met die drie-enige doktriene. Dit was ver terug daar in antieke tye wat die "een God in drie persone" idee begin het. Hoe vreemd dat ons moderne teoloë dit nie opgelet het nie; maar blykbaar net so bedrieg deur Satan as wat hulle voorgangers was, glo hulle steeds in drie persone in die Godheid. Laat ons net een plek in die Skrif gewys word waar daar enige outoriteit vir daardie leerstelling is. Is dit nie vreemd dat terwyl die afstammeling van Gam voortgegaan het op hulle manier in Satanistiese aanbidding wat 'n basiese konsep van drie gode is dat daar nie een spoor van die afstammeling van Sem is wat so-iets geglo het of seremoniese aanbidding wat enigsinds 'n tipe van dit omvat het nie? Is dit nie vreemd dat die Hebreërs geglo het, "Hoor, O Israel, die Here jou God is EEN God", as daar drie persone in die Godheid was nie? Abraham, die afstammeling van Sem, het in Génesis 18 net EEN God gesien met twee engele.

Nou hoe was hierdie drie-eenheid uitgedruk? Dit was aangedui deur 'n gelyksydige driehoek selfs soos dit in Rome vandag gebruik word. Vreemd, die Hebreërs het nie so 'n konsep gehad nie. Nou wie is reg? Is dit die Hebreërs of die Babiloniërs? In Asië was die politeïsmiese idee van drie gode in een uitgebeeld in drie koppe op een liggaam. Hy word uitgedruk as drie intelligensies. In Indië, het hulle dit in hulle harte gevind om hom uit te druk as een god in drie vorms. Nou dit is regtig goeie moderne dag teologie. In Japan is daar 'n groot Boeddha met drie koppe soos die een wat ons reeds beskryf het.

Maar die mees onthullende van alles is dit wat die trinitariese konsep van God wys in 'n drie-enige vorm van: 1 Die kop van 'n ou man wat God die Vader simboliseer, 2 'n Sirkel wat in die verborgenhede gewys het "Saad" wat op sy beurt beteken die Seun. 3 Die vlerke en stert van 'n voël (duif). Hier was die doktriene van Vader, Seun en Heilige Gees, drie persone in die Godheid, 'n waaragtige drie-eenheid. Julle kan dieselfde ding in Rome sien. Nou laat ek weer een keer vra, is dit nie vreemd dat die duiwel en sy aanbidders eintlik meer waarheid geopenbaar het as die vader van geloof (Abraham) en sy afstammeling nie? Is dit nie vreemd dat die aanbidders van Satan, meer geweet het van God as die

kinders van God nie? Nou dit is wat moderne teoloë ons probeer vertel wanneer hulle praat van 'n drie-eenheid. Onthou net hierdie een ding van nou af: hierdie inskrywings is feite en hierdie is 'n feit—Satan is 'n leuenaar en die vader van leuens, en wanneer hy ookal kom met enige lig is dit nogsteeds 'n leuen. Hy is 'n moordenaar. En sy leerstelling van die drie-eenheid het die menigtes verwoes en sal vernietig totdat Jesus kom.

Volgens die geskiedenis het dit nie lank gevat vir 'n verandering om te gebeur met hierdie konsep van 'n Vader en n Seun en die Heilige Gees nie. Satan het hulle 'n tree vir tree weggevat van die waarheid af. Die ontwikkeling van die konsep van Godheid was nou: 1 Die ewige vader, 2 Die Gees van God vleesgeworde in 'n MENSLIKE moeder. (Laat dit jou dink?) 3 'n Goddelike Seun, die vrug van die vleesgeworde, (Vrou se saad).

Maar die duiwel is nie tevrede nie. Hy het nog nie aanbidding vir homself tot nou gekry nie, behalwe op 'n indirekte manier. So hy vat die mense weg van die waarheid nog meer. Deur sy raaisels openbaar hy aan die mense dat sedert die groot onsigbare vader God nie belangstel in die doen en late van mense nie, maar stil bly in hulle verhouding, dan volg dit dat hy aanbid kan word in stilte. Eintlik beteken dit om hom te ignoreer so veel as moontlik, indien nie heeltemal nie. Hierdie doktriene het ook om die wêreld versprei, en tot vandag in Indië kan julle daardie tempels sien vir die groot skepper, die stil god, is opvallend min in getal.

Aangesien dit nie nodig was om die skepper-vader te aanbid nie, was dit net natuurlik dat aanbidding gedraai het na die "Moeder en Kind" as die voorwerp van aanbidding. In Egipte was daar dieselfde kombinasie van moeder en seun naamlik Isis en Osiris. In Indië was dit Isi en Iswara. (Let op die name selfs eenders.) In Asië was dit Cybele en Deoius. In Rome en in Griekeland het dit gevolg. En in China. Wel, stel jou voor die verbasing van sommige Rooms Katolieke sendelinge soos hulle in China ingegaan het en daar die Moedermaagd en Kind gesien het met ligstrale wat uitgevloei het van die kop van die baba. Die beeld kon verruil gewees het vir een in die Vatikaan behalwe vir die verskil van sekere gesigs laatstrekke.

Dit is nou tyd dat ons die oorspronklike moeder en kind ontdek. Die oorspronklike godin-moeder van Babilon was Semiramis wat genoem was Rhea in die oosterse lande. In haar arms het sy 'n seun gehou, wat hoewel 'n baba, beskryf is as lank, sterk, aantreklik en besonder bekoorlik vir die vroue. In Esegel 8:14 was hy genoem Tammus. Tussen klasieke skrywers is hy genoem Bacchus. Vir die Babiloniërs was hy Ninus. Wat verantwoordelik is vir die feit dat hy voorgestel is as 'n baba in arms en tog beskryf as 'n groot en magtige man is omdat hy bekend is as die "Eggenoot-Seun". Een van sy titels was "Eggenoot van die Moeder", en in Indië waar die twee bekend is as Iswara en Isi, hy (die eggenoot) word voorgestel as die baba by die bors van sy eie vrou.

Dat hierdie Ninus die Nimrod van die Bybel is kan ons bevestig deur die geskiedenis met die Génesis verklaring te vergelyk. Pompeius het gesê: "Ninus, koning van Assyria, het die ou gewone wyse van die lewe verander deur die begeerte vir oorwinning. HY WAS DIE EERSTE WAT OORLOG GEMAAK HET MET SY NABURIGE MENSE. Hy het alle nasies van Assyria tot Lybia oorwin want hierdie manne het nie die wyse van oorlogvoering geken nie." Diodorus sê: "Ninus was die oudste van die Assiriese konings wat genoem word in die geskiedenis. Synde geneig tot oorlog, het hy baie jong manne streng geleer in die kuns van oorlog. Hy het Babilonië ingebring terwyl daar nog geen stad van Babilon was nie." Dus sien ons hierdie Ninus het begin om vernaam te word in Babilon, het Babel gebou en het Assyria oorgeneem, sy koning geword, en toe het hy begin om ander groot landstreke waar die mense onbekwaam was in oorlogvoering en op 'n eenvoudige manier gelewe het soos gesê is Pompeius oor te vat.

Nou in Génesis 10, praat dit van die koninkryk van Nimrod en sê,

En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear. Uit hierdie land het hy getrek na Assur en gebou: Nineve en Rehobot-Ir en Kalag ens...

Maar die vertalers het 'n fout gemaak met die vertaling Asshur as 'n naamwoord en dis 'n werkwoord, en in die Chaldee beteken dit 'om sterk te maak.' Dus is dit Nimrod, wat sterk gemaak is (hy het sy koninkryk gevestig deur die wêreld se eerste krysmag te bou wat hy opgelei het deur drill en die hardheid van jag) het verby Shinar gegaan met sy sterk leer en nasies oorwin en stede gebou soos Ninevé, wat na hom vernoem is, en selfs vandag word 'n groot deel van die ruïnes van daardie stad genoem Nimroud!

Nou dat ons ontdek het wie Ninus was, is dit nou nodig om te kyk wie sy vader was. Volgens die geskiedenis was dit Bel, die stigter van Babilon. (Nou dit moet hier genoem word dat Bel dit begin het in die sin dat hy hierdie hele beweging begin het, maar dit was die seun, Ninus, wat dit gevestig het en wat die eerste koning was ens.) Maar volgens die Skrif, was die vader van Nimrod Kus: *Kus was ook die vader van Nimrod* Nie net is dit so nie, maar ons vind dat Gam se seun was Kus. Nou, in die Egiptiese kultuur is Bel genoem Hermes, en Hermes beteken: "DIE SEUN VAN GAM". Volgens die geskiedenis was Hermes die groot profeet van afgodery. Hy was die vertaler van die gode. 'n Ander naam wat hy genoem is was Mercury. (Lees Handeling 14:11-12)

Hyginus sê dit van daardie god wat bekend was as Bel, Hermes, Mercury ens, Vir baie eeue het mense gelewe onder die regering van Jove (nie die Romeinse Jove nie, maar Jehova van die Hebreërs wat Roomse geskiedenis voorafgaan) sonder stede en sonder wette, en almal het een taal gepraat. Maar daarna het Mercury (Bel, Kus) die toesprake van mense uitgelê (vandaar word 'n uitlêer genoem Hermeneutes) en dieselfde individu het die nasies versprei. Tweedrag het toe begin." Daar word gesien van dit dat Bel of Kus, die vader van Nimrod, was die oorspronklike ringleier wat die mense weggelei het van die ware God en die mense aangemoedig het as die "interpreteerder van die gode" om 'n ander vorm van godsdiens te neem. Hy het hulle aangemoedig om voort te gaan met die toring wat sy seun eintlik gebou het. Hierdie aanmoediging is wat die verwarring en die verdeling van mense aangebring het, so hy was beide: "interpreteerder en hy het hulle verwar".

Kus, toe, was die vader van die politeïstiese sisteem en as mense verafgod word deur mense, hy natuurlik, het die vader van die gode geword. Nou Kus was genoem Bel. En Bel in Roomse mitologie was Janus. Hy word voorgestel as twee gesigte en hy het 'n knuppel waarmee hy verwar en die mense "verstrooi". Ovid skryf dat Janus van homself gesê het: "die oues het my Chaos genoem". Dus vind ons dat die Kus van die Bybel, die oorspronklike rebel teen monoteïsme was genoem, Bel, Belus, Hermes, Janus, ens. onder die ou mense. Hy het voorgegee om openbarings en interpretasies van die gode te bring na die mense. Deur dit te doen het hy veroorsaak dat die toorn van God die mense versprei het, en het skeiding en verwarring gebring.

Nou tot hier het ons gesien vanwaar politeïsme of die aanbidding van baie gode gekom het. Maar het julle opgelet dat daar ook 'n man met die naam Kus genoem word wat 'n titel gegee is "die vader van die gode"? Het julle hier opgelet die ou tema van antieke mitologieë, dat gode hulleself met mans identifiseer? Dit is waar voorgeslag aanbidding vandaan kom. So ons kyk net na geskiedenis om uit te vind van voorgeslag aanbidding. Wel, dit is bewys dat Kus die drie god aanbidding van vader, seun en gees voorgestel het. Drie gode wat heeltemal gelyk was. Maar hy het geweet van die saad van die vrou wat kom, so daar moes 'n vrou en haar saad wees wat in die prentjie pas. Dit is vervul toe Nimrod gesterf het. Sy vrou, Semiramis het hom aanbid, en so het sy haarself die moeder van die seun en ook die moeder van die gode gemaak. (Presies soos die Roomse kerk Maria aanbid. Hulle maak aanspraak daarop dat sy sonder sonde was en sy was die Moeder van God.) Sy, (Semiramis) het Nimrod genoem "Zeroashta" wat beteken: "die vrou se beloofde saad".

Maar dit was nie te lank voordat die vrou meer aandag begin trek het as die seun nie, en spoedig was sy die een wat uitgebeeld het die slang vertrap onder voet. Hulle het haar "die koningin van die hemel" genoem en haar goddelik gemaak. Hoe soos vandag waarin Maria, die moeder van Jesus, verhewe is tot ontsterflikheid en nou vanaf September 1964 probeer die Vatikaanse Raad om 'n kwaliteit aan Maria te gee wat sy nie het nie, want hulle wil haar noem, "Maria die Bemiddelares," "Maria die Moeder van Alle Gelowiges," of "Moeder van die Kerk." As daar ooit Babiloniese voorgeslag aanbidding in 'n godsdiens was, is dit die godsdiens van die Kerk van Rome.

Nie net was voorgeslag aanbidding in Babilon begin nie maar so ook die aanbidding van die natuur. Dit was in Babilon waar die gode geïdentifiseer was met die son en maan, ens. Die vernaamste doel in die natuur was die son wat lig gegee het en het hitte verleënde eienskappe en lyk vir die mens soos 'n bal van vuur in die hemele. Dus die vernaamste god sou die son god wees wat hulle Baäl genoem het. Telkens was die son geskets as 'n sirkel van vlamme en spoedig het rondom daardie vlam 'n slang verskyn. Dit was nie lank voordat die slang 'n simbool van die son geword het nie en gevolglik was dit aanbid. Dus die begeerte van Satan se hart het volwaardig geword. Hy is aanbid as God. Sy troon was gevestig. Sy slawe het gebuig voor hom. Daar in Pérgamus in die vorm van 'n lewende slang is hy aanbid. Die boom van die Kennis van Goed en Kwaad, nou gesimboliseer in die vorm van 'n lewende slang het nie net Eva verlei nie maar die meerderheid van die mensdom.

Maar hoe het Pérgamus die sitplek van Satan geword as Babilon die sitplek was? Die antwoord weer is in die geskiedenis. Toe Babilon geval het voor die Medes en Perse, het die priester-koning, Attalus gevlug uit die stad en het na Pérgamus gegaan met sy priesters en heilige verborgenhede. Daar het hy sy koninkryk opgerig buite die Romeinse ryk, en het vooruitgegaan onder die sorg van die duivel.

Hierdie was 'n baie kort samevatting van die geskiedenis van die Babiloniese godsdiens en die koms na Pérgamus. Baie vrae is sonder twyfel onbeantwoord en veel meer, sonder twyfel, kon gesê gewees het om ons in te lig, maar dit is nie bedoel om 'n studie van geskiedenis te wees nie, intendeel dit is om 'n hulp te wees vir die studie van die Woord.

Die Veroordeling

Openbaring 2:14-15

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiëte, wat ek haat.

In hierdie Pérgamese Eeu veroordeel die Here twee doktriene wat Hy haat: 1 Die doktriene van Bíleam wat afgodediens en sondige oormaat na Israel gebring het by Baal-Peor, en 2 Die doktriene van die Nikolaiëteine, wat net dae was in die Efésiese Eeu. Verenig hierdie aanklag met die feit dat Hy met nadruk Pérgamus uitgespreek het as die sitplek van Satan, en dit is baie maklik en behoorlik om af te lei dat op een of ander manier het die godsdienste van Babilon deurmekaar geraak met Christendom.

Nou hierdie is nie net 'n veronderstelling nie maar 'n historiese feit wat ons sal bewys deur terug te gaan in die geskiedenis na 36 n.C. en kom by die Niceense Raad van 325. Toe die Christene (hoofsaaklik Jode by geboorte) in die buiteland versprei is vanaf Jerusalem het hulle oral gegaan en die Evangelie gepreek, veral in die sinagoges. Dus binne drie jaar, of omtrent in 36 n.C. is die evangelie geneem na Rome deur Junius en Andronicus, wie volgens Romeine 16:7 apostels was. Die werk het floreer daar vir verskeie jare totdat die konstante gekibbel van die Jode onder mekaar veroorsaak het dat die Keiser Claudius hulle verban het uit Rome. Met die Jode verban uit die stad het die ruggraat van daardie kerkie omtrent gebreek. Miskien was selfs die ouderlinge Joods en sodoende was hulle weg. Die kudde sou sonder toesig wees en aangesien die Woord nie geskryf was as 'n gids nie sou dit vir hierdie klein kudde maklik wees om weg te dryf of om deur die filosowe en heidene van daardie dag oorval te word. Met vreeslike wolwe op die roof, en die gees van antichris los, vind ons uit in die geskiedenis dat hierdie kerkie in Rome absoluut teruggeval het, en het begin om heidense seremonies voor te stel onder Christen titels.

Omdat die periode van verbanning vir 13 jaar was, het die stigters, Junius en Andronicus, nie teruggekom tot 54 n.C. nie. Stel hulle afgryse voor om 'n kerk te vind met 'n Christen titel wat hopeloos heidens was. Daar was altare in die kerk waarop hulle wierook geplaas het en het heidense rituele gevier. Die gevestigde leiers van daardie kerk kon nie genader word nie, so met die paar wie getrou probeer bly het, het hulle 'n nuwe kerk begin, of die Tweede Kerk van Rome. God het genadiglik onder hulle gewerk deur tekens en wonders sodat 'n derde kerk begin is. En alhoewel die Eerste Kerk verwyd is omdat hulle heidens was en NIE Christelik in hulle aanbidding nie wou hulle nie die titel opgee nie en het die Eerste Kerk van Rome gebly en BLY NOG STEEDS die Eerste Kerk van Rome—Die Rooms Katolieke Kerk.

Nou die meerderheid van ons het die verkeerde idee dat enige en amal wat hulleself Christene noem sou die teken van die Duiwel wees en daarom die grootste deel van die regerings organisasies se tirannie. Maar, nie so nie. Hierdie eerste kerk het begin floreer en vermenigvuldig so in getalle dat die keisers en verskeie beamptes van die regering ten gunste was van die kerk vir politieke redes.

Dus toe die leiers van die Eerste Kerk in Rome gevind het dat hulle begunstig is, het hulle die geleentheid gebruik om die regering teen die ware gelowiges te draai en hulle het vervolging geëis tensy hulle saam met hulle skaar. Een so 'n biskop van die Eerste Kerk van Rome was Anicetus wie gelewe het in die tweede eeu en was tydgenoot met Polycarp.

Toe die eerbiedwaardige Polycarp gehoor het dat die Eerste Christen Kerk van Rome in heidense seremonies betrokke was en die waarheid van die Evangelie gekorrupteer het, het hy gegaan om hulle te smee om te verander. Hy het hulle sien neerval voor die beelde wat vernoem is na apostels en heiliges. Hy het hulle gesien kerse aansteek en wierook brand op die altaar. Hy het gesien dat hulle die Pasga vier onder die naam Paasfees, waar hulle die skyfie vormige brood opgelig het wat die songod geëer het, en toe het hulle die wyn uitgegooi as 'n drankoffer vir die gode. Maar hierdie bejaarde heilige wat 1500 myl gereis het kon nie hulle afwaartse neiging stop nie. God het deur hom gespreek net toe hy op die punt was om te vertrek: "Efraim is getroud met sy afgode, laat hom alleen," Hosea 4:15. Polycarp het nooit weer teruggekeer nie.

Na Anicetus was die bise biskop van Rome genaamd Victor. Hy het selfs meer heidense feeste en seremonies voorgestel in die Eerste Kerk, en ook het hy sy uiterste probeer om die ware Christen Kerke te oortuig om dieselfde idees te volg. Hulle wou nie doen soos hy versoek het nie toe het hy druk op die staatsamptenare geplaas om die gelowiges te vervolg, hulle in die hof geroep, hulle in die tronk gegooi en het selfs dood vir baie toegereken. So 'n voorbeeld van sy bise dae word in die geskiedenis gevind waar Keiser Septimus Severus onder druk gesit is deur Callistus (vriend van Victor) om 7000 gelowiges in Thessalonica dood te maak omdat hierdie ware gelowiges die Pasga gehou het volgens die Here Jesus en nie volgens die aanbidding van Astarte nie.

Alreeds het die vals wynstok sy woede losgelaat teen die lewende God deur die uitverkorenes dood te maak, soos sy voorganger, Kain, Abel doodgemaak het.

Die ware kerk het aanhou probeer om die Eerste Kerk te kry om te bekeer. Dit wou dit nie doen nie. Dit het in groter geword en meer invloed. Dit het 'n konstante veldtog begin om die ware saad in onguns te bring. Hulle het aanspraak gemaak daarop dat hulle en hulle alleen die ware verteenwoordigers van die Here Jesus Christus was, en gespog oor die feit dat hulle die oorspronklike kerk in Rome was, en hulle alleen was die Eerste Kerk. Hulle was wel Die Eerste Kerk, en HULLE IS BESLIS.

Dus teen die tyd van hierdie derde kerkeu het ons twee kerke wat dieselfde naam het maar met 'n bitter verskil tussen hulle. Een het van die waarheid weggegaan, getroud met afgode en het geen lewe in haar nie. Sy het haarself verbaster en die tekens van dood, (nie lewe nie), volg haar. Sy is magtig met baie lidmate. Sy word deur die wêreld begunstig. Die ander is 'n klein vervolgte groep. Maar sy volg die Woord, en die tekens volg haar. Die siekes word genees en die dooies word opgewek. Sy lewe met die Lewe en Woord van God. Sy het haar lewe nie lief nie, maar hou vas aan Sy Naam en Sy geloof tot die dood toe.

En so het die verskriklike vervolging van amptelike Rome geval op die ware gelowiges totdat Konstantyn na vore gekom en vryheid van godsdienstige aanbidding toegestaan het. Daar blyk twee redes te wees waarom hierdie vryheid toegestaan was. In die eerste plek het sekere goeie keisers nie vervolging toegelaat nie, maar soos hulle gesterf het, is hulle opgevolg deur die wat Christene doodgemaak het. Dit was so sinneloos dat dit uiteindelik onder openbare aandag gekom het dat die Christene alleen gelaat behoort te word. Die tweede en mees bekende redenasie is dat Konstantyn 'n baie moeilike stryd voor hom gehad het met die oorname en beheer van die ryk. Een nag in 'n droom het hy 'n wit kruis voor hom gesien. Hy het gevoel dat dit 'n voorspelling was dat as die Christene vir 'n oorwinning sou bid vir hom, hy die stryd sou wen. Hy het vryheid belowe vir hulle as dit sou gebeur dat hy sou wen. Hy het gewen en die vryheid van aanbidding was toegestaan in die edik van Nantes 312 n.C.

Maar hierdie vryheid van vervolging en dood was nie so grootmoedig soos dit eers voorgekom het nie. Konstantyn was nou die beskermheer. As 'n beskermheer was sy belang meer as die van 'n waarnemer, want hy het besluit dat die kerk sy hulp nodig gehad het in haar besigheid. Hy het hulle sien verskil oor verskeie dinge, een daarvan was Arius, Biskop van Alexander, wat sy aanhangers geleer het dat Jesus nie waarlik God was nie maar 'n mindere wese, geskep deur God. Die Westerse Kerk het die teenoorgestelde mening gehad, want hulle het geglo dat Jesus die einste kern van God is en ook gesê 'mede gelyk met die Vader.' Met sulke sake, saam met die indring van heidense seremonies in aanbidding, het die keiser die Niceense Raad in 325 byeengeroep met die gedagte dat hy al die groepe bymekaar sou bring waar hulle hulle verskille kon uitsorteer, en tot 'n algemene begrip kom, en almal een sou wees. Is dit nie eienaardig dat hoewel dit begin het met Konstantyn het dit nie gesterf nie en is nog aan die gang vandag bekend as die "Wêreldraad van Kerke"? En waar hy gefaal het om dit waarlik te bereik, sal dit in hierdie bereik word deur die ekumeniese beweging.

Nou hierdie inmenging van die staat met die kerk is 'n dwase ding want die wêreld verstaan nie of die waarheid wat gevind word in die Woord of die weë van die kerk nie. Wel, die einste besluit gegee deur die raad dat Arius verkeerd was is twee jaar later omgekeer deur die keiser en vir baie jare was die vals leerstelling op die mense afgedwing.

Maar dat die kerk en staat sou saamkom, was waarlik vooruit geken deur die Here. Die einste naam Pérgamus beteken "deeglik getroud". En werklik staat en kerk was getroud; politiek en godsdien was verenig. Die nageslag van daardie samekoms was bestendig die mees verskriklikste basters wat die wêreld ooit gesien het. Die waarheid is nie in hulle nie, maar al die bouse maniere van Kain (die eerste baster) is.

Nie net was staat en kerk getroud in hierdie eeu nie, maar die Babiloniese godsdien was amptelik verbind aan die Eerste Kerk. Satan het nou toegang gehad tot die Naam van Christus en hy was op die troon as God in aanbidding. Met die hulp van federale middele het die kerke erfgename geword van pragtige geboue wat uitgerus was met altare van wit marmer en beelde van die afgestorwe geestelikes. En reg in hierdie eeu is wanneer die "dier" van Openbaring 13:3 wat tot die dood gewond is: (die heidense Roomse Ryk) teruggekome het tot lewe en krag as die "Heilige Roomse Ryk." Rome as 'n materiële nasie het baie uitgawes gehad en sou spoedig dit voel; maar dit het nie nou saak gemaak nie, want haar godsdienstige ryk sou haar bo aan die wêreldregering hou van die binnekant af waar sy nie gelyk het om dit te doen van die buitekant af nie.

Laat ek die presiese Skriftelike waarheid van hierdie saak wys, want ek wil nie hê enigiemand moet dink dat ek 'n openbaring van my eie gee nie—een wat nie gevind word in die Skrif nie.

Daniël 2:31-45,

U, o koning, het 'n gesig gehad—kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan; en sy voorkoms was vreeslik.

Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van klei.

U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.

Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.

Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê:

U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het,

en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het—u is die hoof van goud.

En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as die van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers.

en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis.

En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was—dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.

En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is—'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees.

Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het—hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aan mekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.

Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan—

net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.

Hierin is geopenbaar die presiese verslag van die toekoms, onvervulde geskiedenis wat voorspel is om op die aarde te kom van die tyd van Daniël totdat Jesus sou kom en regeer as die Seun van Dawid. Dit is bekend as "Die Tydsbestek van die Heidene." Dit het vier geskiedkundige afdelings gehad wat bekend was deur die dominerende ryk in elke afdeling: Babiloniese, Medo-Persiese, Griekse, Romeinse.

Die grootste en mees absolute monargie was die Babiloniese wat getipeer is as die kop van goud.

Die volgende in heerlikheid was die Medo-Persiese wat in die geskiedenis gewys het as werklik minder roemryk en is getipeer as die bors en arms van silwer.

Toe het daar die Griekse tydperk gevolg wie se koning die mees brijantste van alle militêre leiers was wat die wêreld ooit geken het en was gepas getipeer as die maag en dye van brons. Dit was minder glorieryk as die ander twee wat dit vooraf gegaan het.

Eindelik het die laaste koninkryk gekom wat die Romeinse Ryk was en gekenmerk as die bene en voete. Maar waar die vroeë koninkryke gekenmerk is as egte minerale (suiwer goud, silwer en koper) was hierdie laaste ryk net egte yster in die bene, want toe dit gekom het by die voete was dit 'n mengsel van yster en klei, en minerale en klei meng nie en produseer konstantheid en sterkte. Maar nie alleen is dit so nie, maar die ongelooflike is, hierdie laaste ryk (Romeinse) sal aangaan met sy vreemde 'gemengde toestand' reg tot wanneer Jesus terugkeer.

Hierdie Romeinse Ryk van yster (yster stel voor krag en groot vernietigende druk teen opposisie) sou gemaak word van twee vername afdelings. En dit was sekerlik want die ryk het letterlik verdeel in twee—Oos en Wes. Beide was baie sterk, verpletter alles voor hulle.

Maar soos die glorie en krag van alle ryke misluk, het hierdie ryk ook begin val. Dus het Rome geval. Heidense keiserlike Rome was nie meer yster nie. Sy het inmekaar geval. Sy is tot die dood toe gewond. Rome kon nie nou heers nie. Dit was alles verby. So het die wêreld gedink. Maar hoe verkeerd was die wêreld, want daardie kop (Rome) hoewel gewond was nie tot die dood gewond nie. (Wuest, vertaling

van Openbaring 13:3: "En een van sy koppe het gebleik om dood te wees, die keel was gesny. En sy doodsteek was genees. En die hele aarde het die Wilde Dier gevolg in verbasing.")

Mense kyk na Rome. Hulle kyk na die nasie van Italië. En soos hulle kyk besef hulle nie dat Rome met haar streng grense waar die pous 'n werklike area het as sy gebied en is letterlik 'n nasie binne 'n nasie nie, en sy het ambassadeurs en ontvang ambassadeurs. **POUSLIKE VALS CHRISTEN ROME** (sy word selfs die ewige stad genoem—hoe lasterlik) **BEHEER NOU DEUR GODSDIENS MEER AS TOE HEIDEN VORSTELIKE ROME DIT BEHEER HET DEUR DIE SUIWER YSTER VAN MAG.** Rome het 'n nuwe stoot van lewe gekry toe Konstantyn by die kerk en staat aangesluit het en die verbintenis ondersteun het met krag. Die gees wat heiden Rome gemotifeer het is dieselfde gees wat nou vals Christen Rome motifeer. Jy kan sien dat dit so is omdat jy nou weet dat die vierde ryk nooit opgehou bestaan het nie; dit het net verander in die buitenste vorm.

Toe die Nicene Council die krag van politieke Rome geswaai het na die kerk, het dit gelyk asof daar geen limiete was vir wat hierdie Eerste Christen Kerk sou doen nie. Die naam, Christen, wat oorspronklike vervolging aangebring het, het nou die naam geword van die aanklaers. Dit was in hierdie eeu wat Augustine van Hippo (354-430) die beginsel uiteengesit het dat die kerk behoort en **MOET** geweld gebruik as nodig om haar kinders terug te bring na die groep, en dat dit in harmonie was met die Woord van God om die vrydenkers en afvalliges dood te maak. In sy twispunt met die Donatiste het hy geskryf... "Dit is inderdaad beter dat mense gelei moet word om God te dien deur te leer as wat hulle gedryf word daarna deur vrees of pyn, maar dit volg nie dit nie want die vroeë manier bring die beter mense, daarom die wat nie gehoor gee nie moet verwaarloos word. Want baie het voordeel getrek (soos ons bewys het en daagliks bewys word deur ware ondervinding) om eerste deur vrees en pyn verplig te word, sodat hulle daarna beïnvloed kan word deur te leer, sodat hulle kan optree volgens dit wat hulle alreeds geleer het in woord... terwyl die beter is wat reggewys word deur liefde, hulle is sekerlik meer talryk as die wat geleer word deur vrees. Want wie kan ons meer liefhê as Christus, Wie Sy lewe vir die skape neergelê het?"

Tog nadat Petrus geroep is en die ander apostels deur Sy woorde alleen, toe Hy gekom het om Paulus te roep, het Hy hom nie net gedwing met Sy stem nie, maar het hom selfs op die aarde neergevel met Sy krag, en dat Hy iemand mag bring met geweld wie woed te midde van die duisternis van ongeloof, om die lig van die hart te begeer, het Hy hom eerste met fisiese blindheid van die oë geslaan. Hoekom sal die Kerk nie krag gebruik om haar verlore seuns terug te bring nie? Die Here Self het gesê: 'Gaan uit op die hoofpaaie en lanings en verplig hulle om in te kom.' Daarom as die krag wat die Kerk ontvang het deur goddelike aanstelling in die regte tyd, deur die godsdienstige karakter en geloof van konings, die instrument syn te wees waardeur hulle gevind word op die hoofweë en lanings—wat in kettery en verdeeldheid is—is verplig om in te kom, laat hulle dan nie fout vind met dwang nie.

Die dors vir bloed het vinnig gegroei. Die vals wingerdstok in Spanje het nou Keiser Maximus gevra om betrokke te wees in die aanslag op die ware gelowiges wie die Woord gehad het en die tekens en wonders met hulle. So 'n paar Priscilliens is na Treves by Biskop Ithacus (385) gebring. Hy het hulle beskuldig van toorkrag en onsedelikheid en baie is tereggestel. Martin van Tours, en Ambrose van Milan het teen dit geprotesteer, en het tevergeefs gepleit vir die vervolging om op te hou. Toe die vervolging verleng is het hierdie twee biskoppe geweier om kameraadskap te hê met met biskop Hydatus en andere soos hy. Vreemd om te sê maar die Sinode in Treves het die moorde goedgekeur.

Van hierdie tyd af aan, veral deur die Donker Eeue, sal ons sien die kinders van die vlees vervolgd en vernietig die kinders van die Gees, hoewel beide aanspraak maak op een Vader selfs soos in die geval van Ismael en Isak. Die duisternis van geestelike korrupsie sal verdiep en die ware lig van God sal vervaag totdat dit aantal-gewys net so effens sal flikker. Maar die belofte van God sal getrou bly: "Die lig skyn in duisternis en die duisternis kan niks daaromtrent doen nie."

Tot nou toe het ek nog nie daardie punt uitgebring in die geskiedenis wat ek belowe het om te dek nie, dit is, die vermenging van die godsdiens van Nimrod en die Christen godsdiens. Julle sal onthou dat Attalus gevlug het van Babilon na Pérgamus en sy koninkryk gevestig het buite die bereik van die Roomse Ryk. Dit het gefloreer oor die jare, grootgemaak deur die god van hierdie wêreld. 'n Opeenvolging priester konings het Attalus gevolg tot die heerskappy van Attalus III en vir redes onbekend in die soewereiniteit van God het hy die koninkryk aan Rome oorgedra. Julius Caesar het beide die koninkryke fisies en geestelik geneem want hy het Pous Maximus van die Babiloniese godsdiens geword en was gevolglik priester-koning. Hierdie titel is gegee aan die keisers wat gevolg het tot die tyd van Maximus III wat dit geweier het. Volgens Stevens' History was dit toe dat die pous die hoofskap gevat het wat die keiser verwerp het en vandag is daar steeds 'n pous in die wêreld, en hy is waarlik Pous Maximus. Hy dra 'n trippel kroon en bly in Rome. En in Openbaring 17 verwys God nie meer na Pérgamus as Satan se sitplek nie en hy sê ook nie dit is waar Satan bly nie. Nee, die troon kamer is nie meer in Pérgamus nie, maar dit is **VERBORGE Babilon**. Dit is nie in Babilon nie maar in **VERBORGE Babilon**. Dit is in 'n stad op sewe heuwels. Sy hoof is antichris want hy het die posisie wederregtelik ge-eien van Christus Wie alleen die middelaar is en Wie alleen sondes kan vergewe. Ja, Pous Maximus is met ons vandag.

Die Doktriene Van Die Nikolaïete

Openbaring 2:15,

So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.

Julle sal onthou dat ek in die Efésiese tydperk gewys het dat die woord, Nikolatein, kom van twee Grieks woorde: Nikao wat beteken oorwin, en Lao beteken die geestelikes. Nikolatein beteken: "om die geestelikes te oorwin". Nou hoekom is dit so 'n verskriklike ding? Dit is verskriklik omdat God nooit Sy kerk in die hande van 'n uitverkore leierskap geplaas het wat beweeg met politieke ingesteldheid nie. Hy het Sy kerk in die sorg van God-ge vulde, Gees-ge vulde, Woord-lewend manne geplaas wat die mense lei deur hulle die Woord te voer. Hy het nie die mense in klasse geplaas sodat die massas gelei word deur 'n heilige priesterdom nie. Dit is waar dat die leierskap heilig moet wees, maar dan moet die hele gemeente so wees. Verder, daar is geen plek in die Woord waar priesters of predikers of so tussen God en die mense bemiddel nie, nog is daar 'n plek waar hulle geskei is in hulle aanbidding van die Here. God wil hê almal moet saam Hom liefhê en dien. Nikolaïsme vernietig daardie beginsels maar in plaas daarvan skei dit die predikers van die mense en maak die leiers heersers in plaas van diensknegte.

Nou hierdie doktriene het in werklikheid begin as 'n daad in die eerste eeu. Dit wil voorkom of die probleem in twee woorde lê: 'ouderlinge' (presbiters) en 'opsigters' (biskoppe). Hoewel die Skrif wys dat daar verskeie ouderlinge in elke kerk is, sommige het begin (Ignatius onder hulle) om te leer dat die idee van 'n biskop was een van meerderwaardigheid of outoriteit en beheer oor die ouderlinge.

Nou die waarheid van die saak is die woord 'ouderling' dui op wie die persoon is, terwyl die woord 'biskop' dui op die amp van dieselfde man. Die ouderling is die man. Biskop is die amp van die man. 'Ouderling' het altyd en sal altyd eenvoudig verwys na 'n mens se kronologiese ouderdom in die Here. Hy is 'n ouderling, nie omdat hy uitverkies of verordineer is nie, ens., maar omdat hy OUER IS. Hy is meer getemper, onderrig, nie 'n nuweling nie, betroubaar as gevolg van ondervinding en lank staande bewys van sy Christelike ondervinding.

Maar nee, die biskoppe het nie by die briewe van Paulus gebly nie, maar hulle het liewer na Paulus se verslag gegaan die tyd toe hy die ouderlinge van Efése na Miléte geroep het in Handeling 20. In vers 17 vir die rekord: "ouderlinge" is geroep en toe in vers 28 is hulle genoem opsieners (biskoppe). En hierdie biskoppe, (sonder twyfel polities gesind en angstig vir mag) het aangedring dat Paulus die betekenis gegee het dat 'opsieners' meer was as die plaaslike ouderling as offisiële kapasiteit net in sy eie kerk. Vir hulle was 'n biskop nou een met uitgebreide gesag oor baie plaaslike leiers. So 'n konsep was nóg Skriftuurlik nóg histories, tog selfs 'n man met die stand van Polycarp het geleun na so'n organisasie.

Dus, wat begin het as 'n daad in die eerste eeu was 'n letterlike doktrine gemaak en so is dit vandag. Biskoppe eis steeds mag om mense te beheer en deel met hulle soos hulle wil, en plaas hulle waar hulle so wil in die bediening. Dit ontken die leierskap van die Heilige Gees Wie gesê het: "Skei My Paulus en Barnabas vir die werk waartoe ek hulle geroep het," Dit is anti-Woord en anti-Christus.

Mattheus 20:25-28,

Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen.

maar so moet dit nie onder julle wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.

En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees;

net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

Mattheüs 23:8-9,

Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.

Ten einde dit selfs meer duidelik te maak, laat ek Nikolaïsme verduidelik op hierdie manier.

Julle onthou dat in Openbaring 13:3 sê dit,

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.

Nou ons weet dat die gewonde kop was die heidense Roomse Ryk, daardie groot politieke wêreld krag. Hierdie kop het weer opgekom as die "Rooms Katolieke geestelike ryk". Kyk nou versigtig hierna.

Wat het politieke heidense Rome gedoen wat die basis van haar sukses was? Sy: het 'verdeel en oorwin.' Dit was die saad van Rome—verdeel en oorwin. Haar yster tande het geskeur en opgeëet. Wie sy geskeur en opgeëet het kon nie weer opstaan soos toe sy Carthage verwoes het en haar gesaai het soos sout. Dieselfde ystersaad het in haar gebly toe sy as die vals kerk opgestaan het, en haar beleid het dieselfde gebly—verdeel en oorwin. Dit is Nikolaïsme en God haat dit.

Nou dit is 'n alom bekende historiese feit dat toe hierdie fout in die kerk ingekom het, het mans begin wedywer vir die amp van biskop met die gevolg dat hierdie posisie gegee is aan die meer geleerde en materieël-progressiewe en polities-ingestelde manne. Menslike kennis en program het begin om die Goddelike wysheid se plek oor te vat en die Heilige Gees het nie langer beheer nie. Hierdie was inderdaad 'n tragiese euwel, want die biskoppe het begin volhou dat dit nie meer 'n opregte Christelike karakter vat óf om die Woord of die rituele te bedien in die kerk nie want dit was die beginsels en die seremonie wat getel het. Dit het bese manne toegelaat (verlei) om die kudde te skeur.

Met die mensgemaakte doktriene van die ophef van biskoppe tot 'n plek nie verleen aan hulle in die Skrif nie, die volgende stap was die uitdeel van gegradeerde titels wat opgebou het in 'n godsdienstige hiërgargie; want spoedig was daar aartsbiskoppe oor biskoppe en kardinale oor die aartsbiskoppe en teen die tyd van Boniface die derde was daar 'n pous oor almal, die Pous.

Wat met die Nikolaïeinse doktriene en die samesmelting van Christendom met Babilonisme moes die eindresultate wees wat Eségiël gesien het in Hoofstuk 8:10,

Ek gaan toe in en kyk-en daar was allerhande afbeeldinge van afskuwelike kruipende en viervoetige diere, en allerhande drekgode van die huis van Israel wat al rondom op die muur uitgesny was.

Openbaring 18:2,

En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery,

Nou hierdie Nikolaïein doktriene, hierdie reël wat gevestig was in die kerk het nie te goed afgegaan met 'n klomp van die mense nie want hulle kon die vreemde briewe of opstel lees oor die Woord geskryf deur een of ander goddelike persoon. So wat het die kerk gedoen? Hulle het die regverdige leraars geëkskommunikeer en die boekrolle verbrand. Hulle het gesê: "Dit vereis 'n spesiale geleerdheid om die Woord te lees en te verstaan. Want selfs Petrus het gesê dat baie dinge wat Paulus geskryf het was moeilik om te verstaan." Deur die Woord weg te vat van die mense, het dit gou gebeur dat die mense net geluister het na wat die priester te sê gehad het, en gedoen wat hy vir hulle gesê het. Hulle het dit God genoem en Sy heilige Woord. Hulle het die verstand en lewens oorgeneem van die mense en hulle die diensknegte gemaak van 'n despotiese priesterdom.

Nou as julle bewys wil hê dat die Katolieke Kerk die lewens en verstand vereis van die mense, luister net na die edik van Theodosius X. Theodosius se Eerste Edik.

Hierdie edik het uitgekóm onmiddellik nadat hy gedoop is deur die Eerste Kerk van Rome. "Ons drie keisers wil dat ons onderdane standvastig voldoen aan die godsdienst wat geleer is deur Sint Petrus aan die Romeine, wat geloofwaardig bewaar was deur tradisie en wat nou bely word deur die pous, Damasus van Rome, en Petrus, biskop van Alexandrië, 'n man van Apostoliese heiligheid volgens die institusie van die Apostels, en die doktriene van die Evangelie; laat ons glo in een Godheid van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees, van gelyke majesteit in die Heilige Drie-Eenheid. Ons beveel dat die aanhangers van hierdie geloof Katolieke Christene genoem word; ons brandmerk al die sinnelose volgelinge van die ander godsdienste met die berugte naam van ketters, en verbied hulle geheime byeenkomste deur die naam van kerke te veronderstel. Afgesien van die kondemnasie van goddelike geregtigheid, moet hulle die hewige straf verwag wat ons gesag, gelei deur hemelse wysheid nodig sal vind om op te lê..."

Die vyftien strafbare wette wat hierdie keiser ingestel het in soveel jare het die evangeliese van al die regte om hulle godsdienst te leef ontnem, het hulle van alle siviele dienste uitgesluit, en het hulle gedreig met boetes, konfiskasie, verbanning en selfs in sommige gevalle, dood.

Weet julle wat? Ons is vandag oppad daarheen.

Die Romeinse Katolieke Kerk noem haarself die Moederkerk. Sy noem haarself die eerste of oorspronklike kerk. Dit is absoluut korrek. Sy was die oorspronklike Eerste Kerk van Rome wat teruggeval het en in sonde ingegaan het. Sy was die eerste wat georganiseer het. In haar was gevind die dade en dan die doktriene van Nikolaïtisme. Niemand sal ontken dat sy 'n moeder is nie. Sy is 'n moeder en het dogters voortgebring. Nou 'n dogter kom uit 'n vrou. 'n Vrou getooi in rooi sit op die sewe heuwels van Rome. Sy is 'n hoer en het dogters gebaar. Daardie dogters is die Protestante kerke wat uit haar gekom

het en het toe reguit teruggegaan in organisasie en Nikolaïtisme. Hierdie Moeder van die dogter-kerke is 'n hoer genoem. Dit is 'n vrou wat ontrou aan haar huweliksbeloftes was. Sy was met God getroud en het toe met die duiwel ontug gepleeg en in haar hoerery het sy dogters voortgebring wat net soos sy is. Hierdie moeder en dogter kombinasie is anti-Woord, anti-Gees en daarom anti-Chris. Ja, ANTICHRIS.

Nou voordat ek te ver vooruit gaan wil ek noem dat hierdie vroeë biskoppe gedink het dat hulle bo die Woord was. Hulle het vir mense gesê hulle kan hulle sondes vergewe met belydenis van daardie sondes. Dit was nooit die waarheid nie. Hulle het begin babas doop in die tweede eeu. Hulle het in werklikheid herlewing doop gebruik. Geen wonder mense is vandag deurmekaar nie. As hulle toe so deurmekaar was, so naby aan Pinkster, nou is hulle in 'n mees desperate toestand, synde omtrent 2000 jaar weg van die oorspronklike waarheid af.

O, Kerk van God, daar is net een hoop. Kom terug na die Woord en bly daarby.

Die Doktriene Van Bileam

Openbaring 2:14,

Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Nou jy kan nie net 'n Nikolaïetiese stelsel in die kerk hê en nie hierdie ander doktriene wat ook sal inkom nie. Kyk, as jy die Woord van God wegvat en die beweging van die Gees as 'n manier van aanbedding (hulle wat My aanbid moet My aanbid in Gees en in waarheid) dan sal jy die mense 'n ander vorm van aanbedding moet gee as 'n plaasvervanger, en plaasvervanging spel Bileamisme.

As ons gaan verstaan wat die leer van Bileam is in die Nuwe Testament kerk dan moet ons teruggaan en kyk wat dit was in die Ou Testament kerk en dit toepas op daardie derde eeu en dit dan bring na die huidige.

Die storie word gevind in Númeri Hoofstuk 22 tot 25. Nou ons weet dat Israel die uitverkore mense van God was. Hulle was die Pinksters van hulle dag. Hulle het skuiling gesoek onder die bloed, hulle is almal in die Skelfsee gedoop en hulle het uit die waters gekom en in die Gees gesing en gedans onder die energie van die Heilige Gees, terwyl Miriam, die profetes, haar tamboeryn gespeel het. Wel, na 'n sekere tyd van die reis, het hierdie kinders by Moab gekom. Julle onthou wie Moab was. Hy was die seun van Lot by een van sy eie dogters, en Lot op sy beurt was 'n broerskind van Abraham, so Israel en Moab was familie. Ek wil hê julle moet dit sien. Die Moabiete het die waarheid geken, of hulle dit gelewe het of nie.

So Israel het by die grense van Moab gekom en het boodskappers na die koning gestuur wat sê: "Ons is broers. Laat ons deur julle land trek. As ons mense of ons diere enigiets eet of drink, sal ons graag daarvoor betaal." Maar Koning Balak het baie opgewonde geraak. Daardie hoof van die Nikolaïeinse klomp was nie van plan om die kerk deur te laat kom met sy tekens en wonders en verskillende manifestasies van die Heilige Gees, en met hulle gesigte wat skyn met die heerlijkheid van God nie. Die risiko was te groot, want hy kon party van sy skare verloor. So Balak het geweier om Israel deur te laat. Eintlik, so groot was sy vrees vir hulle, dat hy na 'n huurling profeet gegaan het genaamd Bileam en gevra het om te bemiddel tussen hom en God en die Almagtige te versoek om Israel te vervloek, en hulle onmagtig te maak. En Bileam, wat gretig was om deel te neem aan politieke sake en 'n prominente man te word, was net te bly om dit te doen. Maar siende dat hy moes toegang verkry tot, en 'n oudisie kry van God om die mense vervloek te kry omdat hy dit nie deur homself kon doen nie, het hy gegaan om God te vra of hy Sy toestemming kon kry om te gaan. Nou is dit nie net soos die Nikolaïeine wat ons vandag het nie? Hulle vloek almal wat nie hul pad wil gaan nie.

Toe Bileam God vir toestemming gevra het om te gaan, het God hom weggewys. Sjoe dit het gesteek! Maar Balak het aangedring, en het hom selfs groter belonings en eer belowe. So Bileam het teruggegaan na God. Nou een antwoord van God behoort genoeg te wees. Maar nie vir eie-wil Bileam nie. Toe God sy perversiteit gesien het, het Hy vir hom gesê om op te staan en te gaan. Vinnig het hy die donkie opgesaal en hy het weggegaan. Hy moes besef het dat dit eenvoudig God se permissiewe wil was en hy sou nie in staat wees om hulle te vervloek nie al sou hy twintig keer gaan en twintig keer probeer. Mense vandag is net soos Bileam! Hulle glo in drie Gode, word gedoop in drie titels in plaas van die NAAM, en tog sal God die Gees op hulle stuur soos Hy op Bileam gedoen het, en hulle sal aangaan om te glo dat hulle presies reg is, en hier is hulle werklik perfekte Bileamiete. Sien, die doktriene van Bileam. Gaan voort in elk geval. Doen dit jou manier. Hulle sê: "Wel, God het ons geseën. Dit moet alles reg wees." Ek weet Hy het ons geseën. Ek ontken dit nie. Maar dis dieselfde organisasie roete wat Bileam gevat het. Dit is uitdaging van God se Woord. Dis valse leer.

So Bileam het vinnig met die pad afgegaan tot 'n engel van God in sy pad gestaan het. Maar daardie

profeet (biskop, kardinaal, voorsitter, president en algemene opsigter) was so verblind deur Geestelike dinge met die gedagte aan eer en die geld dat hy nie die engel kon sien staan met 'n uitgetrekte swaard nie. Daar het hy gestaan om die mal profeet te stop. Die klein donkie het hom gesien en het heen-en-weer gekruip totdat hy uiteindelik Bileam se voet teen 'n klip vergruis het. Die donkie het stilgehou en wou nie voortgaan nie. Hy kon nie. So Bileam het afgespring en hom begin slaan. Die donkie het toe begin praat met Bileam. God het daardie donkie in 'n taal laat praat. Daardie donkie was geen baster nie; hy was oorspronklik saad. Hy het vir die blinde profeet gesê: "Is ek nie jou donkie nie, en het ek jou nie getrou gedra nie?" Bileam het geantwoord, "Ja, ja, jy is my donkie en jy het my getrou gedra tot nou toe, en as ek jou nie kan beweeg nie, gaan ek jou doodmaak... hoe nou! wat is dit, praat met 'n donkie? Dit is snaaks, ek het gedink ek het die donkie gehoor praat en ek het dit beantwoord."

God het altyd in 'n taal gespreek. Hy het by Belshazzar se fees gepraat en toe by Pinkster. Hy doen dit vandag weer. Dis 'n waarskuwing van spoedige oordeel.

Toe is die engel sigbaar gemaak vir Bileam. Hy het vir Bileam gesê dat behalwe vir die donkie sou hy nou dood gewees het omdat hy God versoek het. Maar toe Bileam belowe het om terug te gaan is hy gestuur met die vermaning om te sê net wat God hom gegee het.

So Bileam het afgegaan en sewe altare opgerig vir die skoon beeste van offerhande. Hy het 'n ram doodgemaak wat die koms van die Messias aangedui het. Hy het geweet wat om te doen om God te nader. Hy het die meganika net reg gehad; maar nie die dinamika nie; net soos nou. Kan julle dit nie sien nie Nikolaïete? Daar was Israel onder in die vallei wat dieselfde offerhande offer, wat dieselfde dinge doen behalwe net een het die tekens gehad wat gevolg het. Net een het God in hulle midde gehad. Vorm sal jou nêrens kry nie. Dit kan nie die plek van Gees-manifestasie vat nie. Dit is wat gebeur het by Nicaea. Hulle het Bileam se leerstellings gegee, nie die doktrine van God nie. En hulle het gestruikel; ja hulle het geval. Hulle het soos dooies geword.

Na die offer gemaak was, was Bileam gereed om te profeteer. Maar, God het sy tong vasgemaak en hy kon hulle nie vervloek nie. Hy het hulle geseën.

Balak was baie kwaad, maar daar was niks wat Bileam kon doen oor die profesie nie. Dit is gesprek deur die Heilige Gees. So Balak het vir Bileam gesê om af te gaan, in die vallei, en kyk na hulle agterste dele om te sien of daar nie een of ander manier was wat hy hulle kon vervloek nie. Die taktieke wat Balak gebruik het is dieselfde taktieke wat hulle gebruik vandag. Die groot denominasies kyk af na die klein groepies, en enigiets wat hulle onder hulle vind om 'n skandaal te maak bring hulle uit en skree dit. As die modernes in sonde lewe, sê niemand iets daaroor nie; maar laat een van die uitverkorenes in die moeilikheid beland en elke koerant basuin dit uit oor die land. Ja, Israel het haar agter (vleeslike) parte gehad. Hulle het hulle kant gehad wat nie geloofwaardig was nie; maar ten spyte van hulle tekortkominge met die doel van God wat deur uitverkiesing werk, deur genade en nie deur werke nie, HULLE HET DIE WOLK GEHAD DEUR DIE DAG EN DIE PILAAR VAN VUUR SNAGS, HULLE HET DIE GESLAANDE KLIP GEHAD, DIE KOPER SLANG EN DIE TEKENS EN WONDERS. Hulle is bevestig—nie in hulleself nie, maar in God.

God het nie enige respek gehad vir daardie Nikolaïete met hulle PHD's, LL.D's en D.D.'s en al hulle wonderlike organisasies en die beste wat die mens mee kan spog; maar Hy het respek gehad vir Israel omdat hulle die Woord geregverdig onder hulle gehad het. Sekerlik het Israel nie te beskaaf gelyk nie net uit Egipte gekom in oorhaastige trek, maar sy was 'n geseënde volk in elk geval. Al wat sy ooit geken het vir meer as 300 jaar was om skape op te pas, versorging van land en werk in vrees vir die dood onder die Egiptenare. Maar sy was nou vry. Sy was 'n geseënde nasie deur die soewereiniteit van God. Verseker het Moab afgekyk op haar. Al die ander nasies het, ook. Organisasie kyk altyd af op die ongeorganiseerde en beide sal of deur determinasie hulle bring in die organisasie of hulle vernietig wanneer hulle nie wil kom nie.

Nou, iemand mag my vra: "Broer Branham, wat laat jou dink dat Moab was georganiseer terwyl Israel nie was nie? Waar kry jy daardie idee?" Ek kry dit net hier in die Bybel. Dit is alles hier getipeer. Alles geskryf in die Ou Testament wat in storie vorm is, is geskryf vir ons aanmaning sodat ons daaruit kan leer.

Hier is dit reg in Númeri 23:9,

*Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom.
Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.*

Daar is dit. God wat afkyk van die top van die rotse, nie in een of ander vallei wat soek na hulle slegte punte en hulle veroordeel nie. God sien hulle op die manier wat Hy hulle wou sien—van die hoogte van liefde en genade. Hulle het ALLEEN geloop en hulle was nie georganiseer nie. Hulle het nie 'n koning gehad nie. Hulle het 'n profeet gehad, en die profeet het God in hom gehad deur die Gees; en die Woord het na die profeet gekom en die Woord het na die mense gegaan. Hulle het nie aan die V.N. behoort nie.

Hulle het nie behoort aan die Wêreldraad van Kerke, aan die Baptiste, Presbiteriane, Gemeente van God of enige ander groep nie. Hulle hoef nie te behoort nie. Hulle was aan God verbind. Hulle het nie onderrig nodig gehad van enige raad nie—hulle het “So spreek die Here” in hulle midde. Halleluja!

Nou ten spyte van die feit dat Bileam die regte benadering tot God geken het en 'n openbaring van die Here kon kry deur middel van 'n spesiale gawe deelagtig van krag, was hy na dit alles tog nog 'n biskop in die vals groep. Want wat het hy nou gedoen ten einde die guns te wen van Balak? Hy het 'n plan geformuleer waarin God gedwing sou word om met Israel te handel in die dood. Net soos Satan geweet het dat hy Eva kon verlei (haar laat val in vleeslike sonde) en daardeur veroorsaak dat God Sy uitgesproke vonnis van dood teen sonde gegee het, so het Bileam geweet dat as hy Israel kon kry om te sondig, sou God met hulle moes deel in dood. So hy het 'n plan beraam om hulle te kry om oor te kom en te deel in sonde. Hy het uitnodigings uitgestuur om na die fees van Baal-peor te kom (kom oor en aanbid saam met ons). Nou Israel, sonder twyfel, het die feeste van die Egiptenare gesien so hulle het nie gedink dat dit te verkeerd was net om te kyk en net iets te eet saam met die mense nie. (Wat is verkeerd met broederskap in elk geval? Ons is veronderstel om hulle lief te hê, is ons nie, of hoe kan ons hulle wen?) Om vriendelik te wees het niemand nooit seergemaak nie—of so het hulle gedink. Maar toe daardie wellustige Moabietiese vroue begin dans en ontklee terwyl hulle ronddraai om hulle ruk-en-rol, het die begeerlikheid opgewel in die Israeliete en hulle is verlei in egbreek en God in toorn het twee-en-veertig duisend van hulle doodgemaak.

En dit is wat Konstantyn en sy opvolgers by Nicaea en ná Nicaea gedoen het. Hulle het die mense van God na die konvensie uitgenooi. En toe die kerk gaan sit het om te eet, en opgestaan het om te speel (deelneem aan kerk maniere, seremonies, en heidense feeste vernoem na Christen gebruike) was sy vasgevang; sy het egbreek gepleeg. En God het uitgestap.

Wanneer enige man wegdraai van die Woord van God en by 'n kerk aansluit in plaas van om die Heilige Gees te ontvang, sterf daardie man. Dood! Dit is wat hy is. Moenie by 'n kerk aansluit nie. Moenie in organisasies ingaan en opgeneem word met leerstellings en tradisies of enigiets wat die plek vat van die Woord en die Gees nie of jy's dood. Dis alles verby. Jy is dood. Ewig geskei van God!

Dit is wat gebeur het in elke eeu daarna. God verlos die mense. Hulle kom uit deur die bloed, geheilig deur die Woord, loop deur die waters van die doop en word vervul met die Gees; maar naderhand koel die die eerste liefde af en iemand kry die idee dat hulle moet organiseer om hulself in staat te stel om hulle te bewaar en 'n naam vir hulleself maak, en hulle organiseer hulleself weer terug in die tweede geslag en partymaal voor dit. Hulle het nie meer die Gees van God nie, net 'n vorm van aanbidding. Hulle is dood. Hulle het hulself gebaster met geloofsbelydenis en vorm en daar is geen lewe in hulle nie.

So Bileam het Israel gekry om buite-egtelike verhoudings te hê. Weet jy dat fisiese buite-egtelike verhoudings is die einste gees wat in georganiseerde godsdien is? Ek het gesê dat die gees van ontugtigheid die gees van organisasie is. En alle hoereerders sal hulle plek in die meer van vuur hê. Dit is wat God dink van organisasie. Ja meneer, die hoer en haar dogters sal in die meer van vuur wees.

Denominasies is nie van God nie. Hulle was nooit en sal nooit wees nie. Dit is 'n verkeerde gees wat die mense van God verdeel in hierargie en lidmate; en dis, daarom, 'n verkeerde gees wat die mense skei van die mense. Dit is wat organisasie en denominasies doen. In organisasie skei hulle hulleself van die Woord van God, en bring hulleself in geestelike egbreuk.

Let nou op, dat Konstantyn die mense spesiale feeste gegee het. Hulle was die ou heidense feeste met nuwe name wat van die kerk gevat is, of in sommige gevalle was Christen rites geneem en misbruik met heidense seremonies. Hy het die aanbidding van die songod geneem en dit verander na die Seun van God. In plaas van om dit op 21 Desember te vier, wanneer hulle altyd die fees van die songod gehad het, het hulle dit geskuif na 25ste Desember en dit die Seun van God se verjaarsdag genoem. Maar ons weet dat Hy in April gebore is wanneer lewe na vore kom, nie in Desember nie. En hulle het die fees na Astarte geneem en dit die Paastyd genoem waar die Christen veronderstel is om die dood en opstanding van die Here te vier. Eintlik was dit 'n heidense fees aan Astarte.

Hulle het altare in die kerk geplaas. Hulle het beelde ingeplaas. Hulle het die mense wat hulle genoem het die apostels se geloofsbelydenis gegee, hoewel jy dit nie in die Bybel kan vind nie. Hulle het die mense geleer om voorvaders te aanbid wat die Romeinse Katolieke Kerk die grootste spiritistiese kerk maak in die wêreld. Elke vuil voël was in daardie hok. En ons het die Protestante met hulle organisasies wat dieselfde ding doen.

Hulle het goed geëet wat aan die gode geoffer is. Nou ek sê nie regtig dat hulle letterlik vleis wat aan die afgode geoffer is geëet het nie. Hoewel die raad van Jerusalem teen sulkes gespreek het, het Paulus nie veel daarvan gemaak nie want hy het gesê die afgode was niks nie. Dit was net 'n saak van gewete behalwe waar dit 'n swakker broer aanstoot gegee het en dan was dit nie toegelaat nie. Verder, hierdie Openbaring het te doen met Heidene en nie Jode nie want hierdie was Heidense Kerke. Ek sien dit in dieselfde lig wat ek die woorde van die Here sien: “As julle nie My vleis eet en My bloed drink nie het

julle geen lewe in julle nie. Mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke woord wat uit die mond van God gaan." Julle kan sien dat eet in werklikheid deelname in 'n geestelike sin is.

So toe hierdie mense voor die beelde gebuig het, kerse opgesteek, heidense vakansiedae gebruik, hulle sondes bely het aan mans (wat almal aan die duiwel godsdien behoort,) was hulle deelgenote met die duiwel en nie van die Here nie. Hulle was in afgodery of hulle dit erken het of nie. Hulle kan sê wat hulle wil dit is die altare en die wierrook net om hulle te herinner aan die gebede van die Here of wat ookal hulle dink dit beteken; en hulle kan sê wanneer hulle bid voor die beeld dat dit net vir die onthalwe van nadruk is; en wanneer hulle aan die priester bieg, dat dit eintlik aan God is in hulle harte, en wanneer hulle sê die priester vergewe hulle is dit net omdat hy dit doen in die Naam van die Here; hulle kan sê wat hulle wil maar hulle deel in die baie bekende Babiloniese, Satanistiese godsdien en het hulleself verbind aan afgode en het geestelike hoerery gepleeg, wat dood beteken. Hulle is dood.

So die kerk en die staat was getroud. Die kerk het aangesluit by afgode. Met die krag van die staat agter hulle het hulle nou gevoel: "Die koninkryk het gekom en God se wil is afgedwing op die aarde." Geen wonder die Rooms Katolieke Kerk kyk nie vir die terugkeer van die Here Jesus nie. Hulle is nie millennialiste nie. Hulle het hulle millennium reg hier. Die pous regeer reg nou en God regeer in hom. So wanneer Hy volgens hulle kom, moet dit wees wanneer die nuwe hemele en die aarde voorberei is. Maar, hulle is verkeerd. Daardie pous is die hoof van die vals kerk, en daar gaan 'n millennium wees, maar terwyl dit aan die gang is sal hy nie daarin wees nie. Hy sal êrens anders wees.

Die Waarskuwing

Openbaring 2:16.

Bekeer jou; of anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.

Wat anders kan Hy sê? Kan God die sonde van hulle wat Sy Naam ydellik dra oorsien? Daar is net een manier om genade te ontvang in die uur van sonde, BEKEER. Belei jy is verkeerd. Kom na God vir vergifnis en vir die Gees van God. Hierdie is 'n bevel van God. Om ongehoorsaam te wees is die dood, want Hy sê: "Ek sal oorlog maak teen julle met die swaard in My mond." Die dier het oorlog gemaak met die heiliges, maar God sal oorlog maak met die dier. Hulle wat die Woord beveg het sal eendag vind die Woord beveg hulle. Dit is 'n ernstige ding om weg te vat, of te voeg by die Woord van God. Want hulle wat dit verander het, en daarmee gedoen het soos dit hulle pas, wat meer sal hulle uiteinde wees as dood en verwoesting? Maar tog roep die genade van God uit: "Bekeer julle". O, hoe soet is die gedagte van bekering. Niks in my hande bring ek, net aan U kruis klou ek. Ek bring my smart. Ek voel berou dat ek is wat ek is, en wat ek gedoen het. Nou dit is die bloed, niks behalwe die bloed van Jesus nie. Wat sal dit wees? Berou, of die swaard van die dood? Dit hang van jou af.

Die Belonings

Openbaring 2:17

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

Elke boodskap aan elke eeu is 'n aansporing vir die gelowige, moedig hom aan om 'n oorwinnaar te wees en sal daardeur vergoed word deur die Here. In hierdie eeu belowe die Gees die verborge manna en 'n nuwe naam wat in 'n wit steen geskrywe word.

Nou aangesien elkeen van hierdie boodskappe gerig word aan die 'engel'— (menslike boodskapper) 'n baie groot verantwoordelikheid sowel as 'n wonderlike voorreg is sy lot. Aan hierdie manne maak God spesiale beloftes, soos in die geval van die twaalf apostels wat op twaalf trone sit wat die twaalf stamme van Israel sal beoordeel. Ook, onthou Paulus was 'n spesiale belofte gegee: dat hy die mense van die bruid vir sy dag aan Jesus sal voorstel,

II Korinthiers 11: 2

Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel.

So sal dit wees met elke boodskapper wat getrou was aan die Woord van sy uur en sy eeu. Dit sal so wees in die laaste dag. Dit sal dieselfde spesiale beloning wees wat aan Paulus gegee was. Ek dink meeste van julle sal onthou hoe ek gesê het ek was altyd bang om te sterf en dat ek die Here sou ontmoet en dat Hy nie met my tevrede sou wees nie omdat ek Hom soveel keer gefaal het. Wel, ek het gedink daaraan een oggend terwyl ek in die bed gelê het en skielik was ek opgeraap in 'n mees buitengewone visioen. Ek sê dit was eienaardig want ek het duisende visioene gehad en nie een keer het

ek my liggaam verlaat nie. Maar daar was ek opgeraap; en ek het teruggekyk om my vrou te sien, en ek het my liggaam gesien lê langs haar. Toe het ek myself gevind in die mooiste plek wat ek ooit gesien het. Dit was 'n paradys. Ek het skare van die mooiste en gelukkigste mense gesien wat ek ooit gesien het. Hulle het almal so jonk gelyk—omtrent 18 tot 21, jaar oud. Daar was nie 'n grys haar of 'n rimpel of enige onvolmaaktheid onder hulle nie. Die jong vroue het almal hare gehad tot onder hulle middel, en die jong manne was so aantreklik en sterk. O, hoe het hulle my verwelkom. Hulle het my omhels en my hulle dierbare broer genoem, en het aangehou om my te vertel hoe bly hulle is om my te sien. Soos ek gewonder het wie al daardie mense was, het een langs my gesê: "Hulle is jou mense".

Ek was so verstom ek het gevra: "Is dit almal Branhams?"

Hy het gesê: "Nee, hulle is jou bekeerlinge." Hy het toe na een dame gewys en gesê: "Sien jy daardie jong dame wat jy 'n oomblik gelede bewonder het. Sy was 90 jaar oud toe jy haar na die Here gelei het."

Ek het gesê: "O goeiste, en om te dink dit is waarvoor ek bang was."

Die man het gesê: "Ons rus hier terwyl ons wag vir die koms van die Here."

Ek het geantwoord: "Ek wil Hom sien."

Hy het gesê: "Jy kan Hom nog nie sien nie; maar Hy kom spoedig, en wanneer Hy wel kom sal Hy eerste na jou toe kom, en jy sal geoordeel word volgens die Evangelie wat jy gepreek het, en ons sal jou onderdane wees."

Ek het gesê: "Bedoel jy ek is verantwoordelik vir al die?"

Hy het gesê: "Elkeen. Jy is 'n leier gebore."

Ek het hom gevra: "Sal elkeen verantwoordelik wees? Wat van Paulus?"

Hy het my geantwoord: "Hy sal verantwoordelik wees vir sy dag."

"Wel," het ek gesê: "ek het dieselfde Evangelie gepreek as wat Paulus gepreek het." En die menigde het uitgeroep: "Ons rus daarop."

Ja, ek kan sien dat God 'n spesiale beloning aan Sy boodskappers gaan gee wat getrou die verantwoordelikheid losgelaat het wat Hy op hulle geplaas het. As hulle die openbaring van die Woord vir daardie tydperk ontvang het en getrou gepreek het in hulle dag, en gelewe het wat hulle gepreek het, sal hulle 'n groot beloning ontvang.

Nou met hierdie gedagte in jou kop, kyk weer na die vers. "Ek sal hom die versteekte manna gee." Ons almal weet dat die manna engel kos was; dit was wat God op die gras gestuur het vir Israel met die tyd van hulle swerwery. Dit was perfekte kos. Dit was verstommend hoe daardie klein korreltjies van kos hulle in perfekte gesondheid gehou het. Niemand het siek geword nie. Dit was alles wat hulle nodig gehad het. Toe die ark gebou is het hulle 'n bietjie van daardie manna daarin gesit. Toe is die ark geplaas agter die sluier en net die hoëpriester sou dit waag om dit te benader en dan moes hy die geofferde bloed gehad het. Die Brood van die hemel, gesimboliseer deur manna, het eendag afgekom uit die hemel en het die Lewe geword vir almal wat in Hom glo. Hy het gesê: "Ek is die brood van die lewe. Ek is die lewende brood wat uit die Hemel neergedaal het, as iemand van hierdie brood sal eet sal hy vir ewig lewe." Toe Hy weggegaan het het Hy vir ons Sy Woord gelos: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar deur elke Woord wat uit die mond van God gaan."

Sy Woord was brood. Dit was die volmaakte manna, wat, as 'n man daar volgens lewe, sal hy nooit sterf nie. Maar net na die dood van die vaders, het niemand presies die waarheid geweet nie en in 'n kort rukkie het dit gelyk of die manna verborge geword het vir die mense. Maar in elke eeu het God begin teruggee deur openbaring dit wat verborge was tot in hierdie laaste dag volgens Openbaring 10:7, 'n profeet sal kom en al die verborgenhede openbaar en dan sal die Here kom. Nou in elke eeu, sê ek, het die boodskappers verborge waarhede ontvang. Maar hulle het dit nie alleen vir hulleself ontvang nie. Maar dit is soos dit was toe die dissipels gevra is om die menigtes brode te bedien en visse; Jesus het hulle die gebroke voedsel gegee, maar hulle het dit aan die mense gegee. God gee Sy versteekte manna aan die oorwinnaar. Dit kan nie anders wees nie. Hy sal nie Sy skatte oopmaak aan diegene wat verag wat alreeds geopenbaar is nie.

Wat ek gesê het van die boodskapper van elke eeu wat van God ontvang het van die oorspronklike waarheid van Pinkster word getipeer in die Ou Testament waar Moses beveel is om drie en 'n halwe pinte van manna op te tel en dit in 'n goue kom te plaas agter die gordyn van die allerheiligste. Daar kon die hoëpriester van elke geslag ingaan met geofferde bloed. Dan kon hy 'n klein deeltjie van hierdie manna neem, (want dit het nie sleg geword nie) wat deel was van die oorspronklike en dit geëet. Nou in elke eeu was die boodskapper van die Here vir daardie eeu gegee die openbaring van God vir daardie

spesifieke periode. Sodra die boodskapper verlig word met die waarheid, dan sou hy daardie waarheid na die mense bring. En hulle wie se ore geopen is deur die Gees sou daardie waarheid hoor, dit glo, en dit lewe.

Nou dan, daar is ook die gedagte van die toekomstige deelname van die verborge manna. Ek dink dit sal die ewige deelname wees van die openbaring van Jesus Christus in die ewigduurende eeue wat kom. Hoe anders kan ons begin om te weet van die ondeurgrondelike rykdomme van Sy eie Wese? Alles waarna ons verlang het om te weet, al ons onbeantwoorde vrae, alles wat sal geopenbaar word. Dit sal van Christus wees Wie ons lewe is wat ons dit ontvang. O, somtyds dink ons ons leer 'n bietjie omtrent Hom en Sy Woord hier onder, en dit is so goed, dit maak ons verheug; maar eendag wanneer ons vlees verander, dan sal daardie Woord en Hy, word wat ons nooit gedroom het moontlik is nie.

Dit sê ook hier dat Hy die oorwinnaar 'n wit steen sal gee en in (nie op nie) die steen 'n nuwe naam, wat die eienaar alleen sal weet. Nou die idee van 'n nuwe naam is 'n bekende een. Abram was verander na Abraham, Sarai na Sarah, Jakob na Israel, Simon na Petrus, en Saulus na Paulus. Hierdie name het of 'n verandering gebring, of is gegee as gevolg van 'n verandering. Dit was eers nadat die Here Abram en Sarai se name verander het dat hulle gereed gemaak was om die komende seun te ontvang. In Jakob se geval, moes hy oorwin en toe is hy 'n prins genoem. In die geval van Simon en Saulus, toe hulle die Here ontvang het, het hulle verandering gekom. En vandag het elkeen van ons ware gelowiges 'n verandering in naam gehad. Ons is Christene. Dit is 'n naam algemeen vir ons almal. Maar eendag sal ons 'n ander verandering hê; ons sal met sekerheid 'n nuwe naam ontvang. Dit kan wel wees dat die naam ons ware en oorspronklike naam is wat geskryf was in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. Hy ken die naam, maar ons nie. Eendag op Sy gegewe tyd, sal ons ook weet.

'n Wit steen. Hoe pragtig. Hier is nog 'n prent van die heilige wat beloning sal ontvang van die hand van God vir sy beproewing op die aarde. Julle weet, na Konstantyn, was die vals kerk instaat om sy hand te doop in die staat se skatkis en kon daardeur pragtige geboue vol van lieflike weelderige goed oprig. Hierdie standbeelde, gemaak van wit marmer, was werklik Romeinse afgode herdoop as heiliges. Die kerke en hulle stoffering was uitsonderlik pragtig, selfs soos ons vandag sien. Maar God was nie met hulle nie. Waar was God? Hy was met Sy heiliges in 'n klein huisie, of in 'n grot, of een of ander wilde berg area waar hulle weggekruip het van die vals kerklidmate. Hulle het nie mooi geboue gehad, geklede kore, goeie klere, en ander wêreldse aantreklikhede nie. Maar nou in hierdie spesiale belofte aan die ware gelowiges van alle eeue, het God verklaar Hy sal hulle 'n beloning gee van groot skoonheid en ewige duur. Laat die rykes afkyk op die armes. Laat hulle groot somme geld gee aan die kerk dat dit weer eer aan die skenker mag gee deur 'n marmer gedenkplaat of statussimbool op te rig tot eer van hulle in die publiek dat almal kan toejuig. Eendag sal die God Wat sien en weet van alles weereens eer aan die weduwee gee omdat sy haar alles gegee het, al was dit net twee pennies, en Hy, Homself, beloon met die skatte van die hemel.

Ja, versteekte manna en 'n nuwe naam in 'n wit steen. Hoe goed is die Here vir ons om ons so wonderbaarlik te beloon, en ons so onverdienstelik. O, ek wil gereed wees op alle tye om Sy wil te doen, en om skatte in die hemel te bou.



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7